

**DIE IMPAK VAN NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING OP DIE
PERSOONLIKE GROEI VAN 'N TRADISIONEEL BENADEELDE,
BEGAAFDE STUDENT**

Skripsie voorgelê deur

ANGELIQUE CERONE-BIAGIONI

Ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS
(OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE)**

In die

**DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE
FAKULTEIT OPVOEDKUNDE**

Aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

**STUDIELEIER: Prof. Dr. J.G. Maree
MEDE-STUDIELEIER: Dr. L. Ebersöhn**

Maart 2006

Hierdie studie word met liefde opgedra aan my ouers,
Norberto en Pauline Cerone

DANKBETUIGING

My opregte dank en waardering word hiermee uitgespreek aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het om my ideal te bereik. In die besonder aan:

- Prof. Dr. J.G. Maree, my studieleier, wat my gehelp het om een van my drome te verwesenlik. Professor, u is die sout van die aarde en van kennis. Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning, geduld en uitnemende akademiese insette.
- Dr. L. Ebersöhn, my mede-studieleier, dankie vir u minsaamheid. Hierdie skripsie was nie net verrykend nie, maar ook 'n inspirerende lewenservaring.
- Die Navorsingsdeelnemer, vir sy kosbare tyd en onbaatsugtige opofferings om 'n bydrae tot die teorie en praktyk van narratiewe beroepsfasilitering te kon lewer.
- My man, Stefano vir volgehoue ondersteuning, liefde, koffiepouses en begrip. Ons twee seuns, Silvio en Alessandro wat vir speelyd tussendeur die harde werk gesorg het.
- My familie en in besonder my ouers vir hulle oneindige aanmoediging, belangstelling en opofferings om my droom te verwesenlik.
- My kritiese leser en besondere vriendin, Lida: 'n Vygie maak die verskil in die kaal Karoo, nes jy, oral waar jy is.
- My vriende, vir hulle opregte belangstelling en ondersteuning; in besonder Natalie wat motivering en ondersteuning gegee het.
- Mnr. Welman, vir sy deeglike insette met die taalversorging van die skripsie.
- Mede-studente en dosente van die MEd-groep wat 'n besondere rol in my persoonlike groei gespeel het.

A Dio tutta la gloria!

OPSOMMING

DIE IMPAK VAN NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING OP DIE PERSOONLIKE GROEI VAN 'N TRADISIONEEL BENADEELDE, BEGAAFDE STUDENT

deur
Angelique Cerone-Biagioni

STUDIELEIER : Prof. Dr. J.G. Maree
MEDE-STUDIELEIER : Dr. L. Ebersöhn
GRAAD : *Magister Educationis (Opvoedkundige Sielkunde)*
DEPARTEMENT : Opvoedkundige Sielkunde

Beroepsfasilitering in Suid-Afrika word steeds primêr op Westerse beginsels gebaseer, wat nie vir die unieke behoeftes van die diverse Suid-Afrikaanse populasie voorsiening maak nie. Die doel van hierdie studie is om die moontlike impak van narratiewe beroepsfasilitering op die persoonlike groei van 'n tradisioneel benadeelde begaafde student te ondersoek.

Postmoderne beroepsfasilitering word as 'n sambreelterm beskou waarvan narratiewe terapie 'n uitvloeisel is. 'n Postmoderne samelewing impliseer 'n openheid tot ander kulture, rasse, godsdienstige of morele oortuiging of seksuele oriëntasie. Narratiewe beroepsfasilitering se sentrale funksie is die vertel van 'n verhaal en ook 'n manier om die verlede te laat herleef en om huidige sowel as toekomstige ervarings toepaslik te interpreteer.

'n Gevalstudie is uitgevoer waar 'n tradisioneel benadeelde begaafde, voorgraadse student narratiewe beroepsfasilitering meegemaak het.

Na afloop van my studie is ek van mening dat narratiewe beroepsfasilitering navorsers kan help om 'n meer wetenskaplik-verantwoorde beeld van die kliënt te bekom, omdat die kliënt en fasiliteerder meer aktief by die beroepsfasiliteringsproses betrokke is. Die kliënt word bemagtig om uitdrukking te gee aan sy/haar eie lewensverhaal, wat die basis van sy/haar toekomsplanne vorm. Die kliënt baat by narratiewe beroepsfasilitering omdat hy/sy aangemoedig word om self sin te maak van sy/haar uitdagings.

SUMMARY

THE IMPACT OF NARRATIVE CAREER FACILITATION ON THE PERSONAL GROWTH OF A TRADITIONALLY DISADVANTAGED, GIFTED STUDENT

by
Angelique Cerone-Biagioni

SUPERVISOR : Prof. Dr. J.G. Maree
CO-SUPERVISOR : Dr. L. Ebersöhn
DEGREE : *Magister Educationis (Educational Psychology)*
DEPARTMENT : Educational Psychology

In South Africa career facilitation is primarily based on Western principles that do not make provision for the diverse South African population.

The aim of this study was to investigate the possible impact of narrative career facilitation on the personal growth of a traditionally disadvantaged gifted student.

Postmodern career facilitation can be regarded as an umbrella term from which narrative therapy is derived. A postmodern society implies an open attitude towards other cultures, races, religious or sexual orientations. The central theme of narrative career facilitation is the narration of a client's life story. It is a way of reliving the past and interpreting current as well as possible future experiences.

The study was executed by examining a case study in which a traditionally disadvantaged gifted student took part in narrative career facilitation.

I believe that narrative career facilitation can assist researchers to create a clearer image of their clients since the clients and the facilitators are actively involved in the career facilitation process. Clients are empowered to narrate their own life stories, which in turn constitute the basis of their future life stories. Narrative career facilitation motivates clients to explore and understand their own daily challenges.

SLEUTELWOORDE / KEY WORDS

Beroepsfasilitering	Career facilitation
Narratiewe beroepsfasilitering	Narrative career facilitation
Tradisionele beroepsfasilitering	Traditional career facilitation
Postmoderne benadering	Postmodern approach
Tradisionele benadering	Traditional approach
Gevalstudie	Case study
Tradisioneel benadeelde student	Traditionally disadvantaged student
Begaafdheid	Giftedness
Persoonlike groei	Personal growth
Beroepsmoontlikhede	Career opportunities

LYS VAN TABELLE

	Bladsy
TABEL 1 : 'n Veranderende fokus in die wêreld van werk oor die afgelope drie eeue	18
TABEL 2 : Multimetode data-insamelingsplan	32
TABEL 3 : Verhoging van vertroubaarheid van die studie	37
TABEL 4 : Betekenistabel van die deelnemer met kategorieë en temas wat tydens die beroepsfasiliteringsproses geïdentifiseer is	66

LYS VAN BYLAE

BYLAE A : Skriftelike aansoek en toestemming vir die navorsing	
BYLAE B : Toestemmingsbrief deur die deelnemer	
BYLAE C : <i>Collage</i>	
BYLAE D : Die deelnemer se lewensverhaal (1)	
BYLAE E : Informele werkboek	
BYLAE F : Lewenslyn	
BYLAE G : 'n Uittreksel van die deelnemer se lewensverhaal (2)	
BYLAE H : Transkripsie van sessie 9	
BYLAE I : Sertifikaat van die etiese komitee	
BYLAE J : Verklaring van die eksterne kodeerder	

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING, KONSEPTUALISERING, PROBLEEMSTELLING EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.1 INLEIDENDE ORIËNTERING	1
1.2 KONSEPTUALISERING	3
1.2.1 Narratiewe beroepsfasilitering	3
1.2.2 Begaafdheid	4
1.2.3 Tradisioneel benadeelde student	4
1.2.4 Voorgraadse student	4
1.2.5 Persoonlike groei	5
1.3 DEFINIËRING VAN DIE ALGEMENE PROBLEEMSTELLING	5
1.3.1 Die navorsingsprobleem: Agtergrond	5
1.3.2 Algemene probleemstelling	5
1.3.3 Formulering van sekondêre navorsingsvrae	6
1.4 VERWAGTE UITKOMSTE VAN DIE STUDIE	6
1.5 BETEKENIS VAN DIE STUDIE	6
1.6 MOTIVERING VIR DIE STUDIE	7
1.7 VOORSIENE UITDAGINGS	7
1.8 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE	7
1.9 OPSOMMING EN HOOFSTUKVERDELING	8

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 2

‘N OORSIG VAN VERSKEIE EPISTEMOLOGIESE VERTREKPUNTE WAT MET NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING VERBAND HOU

2.1 INLEIDENDE ORIËTERING	9
2.2 DIVERSITEIT	9
2.3 FOKUS OP TRADISIONELE BEROEPSFASILITERING	10
2.3.1 Bepaalde leemtes van gestandaardiseerde toetse	11
2.4 FOKUS OP POSTMODERNE BEROEPSFASILITERING	12
2.4.1 Enkele kenmerke van postmoderne beroepsfasilitering	12
2.4.1.1 Beroepsfasiliteerders is nie eksperte nie	13
2.4.1.2 Bemagtiging van kliënte in plaas van beroeps passing	13
2.4.1.3 Herskryf die dominante lewensverhaal	13
2.4.1.4 Loopbaankeuse is persoonlik	14
2.4.1.5 Beroepsvoorligtingsteorieë is nie voorligtingsteorieë nie	14
2.4.1.6 Verhale eerder as toetsresultate	14
2.5 ENKELE VERSKILLE TUSSEN TRADISIONELE EN POSTMODERNE BEROEPSFASILITERING	15
2.5.1 Objektiviteit word deur perspektiwiteit vervang	15
2.5.2 Die kliënt as ekspert in plek van die fasiliteerder	16
2.5.3 Persoonlike betekenis word aan ‘n beroep geheg	16
2.5.4 Beroepsfasilitering en persoonlike berading is nou verweef	16
2.5.5 Die fokus van beroepsfasilitering	17
2.5.6 Die doel van beroepsfasilitering	17
2.5.7 Finansiële implikasies van beroepsfasilitering	17
2.6 ‘N VERANDERENDE FOKUS IN DIE WÊRELD VAN WERK OOR DIE AFGELOPE DRIE EEUE	18
2.7 NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING	19
2.8 TEORIEË, TEGNIEKE EN MODELLE WAT BY POSTMODERNE BEROEPSFASILITERING AANSLUIT	21

2.8.1 Rogers se persoonsgesentreerde benadering	21
2.8.2 Carkhuff se tweefasemodel	22
2.8.3 Egan se probleemoplossingsgebaseerde benadering	23
2.8.3.1 Fase een – Beginfase: Formulering van die probleem	23
2.8.3.2 Fase twee – Middelfase: Oplossingsfase	24
2.8.3.3 Fase drie – Eindfase: Beplanning	25
2.9 SLOTOPMERKING	25

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 3

METODOLOGIESE VERANTWOORDING

3.1 INLEIDENDE ORIËTERING	27
3.2 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF	27
3.3 NAVORSINGSONTWERP	29
3.3.1 Idiografiese/gevalstudie as navorsingsontwerp	29
3.3.2 Steekproefneming	30
3.4 DATA-INSAMELING	31
3.4.1 Multimetode data-insamelingsplan	31
3.4.1.1 Kwantitatiewe tegnieke	31
3.4.1.2 Kwalitatiewe tegnieke	31
3.4.2 Data-insamelingstrategieë	32
3.4.3 Rol van die navorser	33
3.4.4 Navorsingsgesitueerdheid	34
3.5 DATA-ANALISE EN -INTERPRETASIE	34
3.5.1 Organisering van data	35
3.5.2 Kategorieë, temas en patrone word geïdentifiseer	35
3.5.3 Evaluering en kategorisering van data	35
3.6 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA	36
3.6.1 Kredietwaardigheid	36
3.6.2 Oordraagbaarheid	36
3.6.3 Vertroubaarheid	36
3.6.4 Triangulasie en kristallisering	38
3.6.4.1 Algemene oriëntering	38
3.6.4.2 Wyse waarop triangulasie en kristallisering in die onderhawige studie toegepas word	39
3.6.5 Interne geldigheid	39
3.7 OPSOMMING	40

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 4

BEVINDINGE EN BESPREKING: GEVALSTUDIE TER ILLUSTRASIE VAN DIE TOEPASSING VAN NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING OP 'N TRADISIONEEL BENADEELDE, BEGAAFDE STUDENT

4.1	INLEIDENDE ORIËNTERING	41
4.2	METODE VAN DATA-ANALISE	41
4.2.1	Organisering van data	42
4.2.2	Data-kodering	42
4.3	AGTERGRONDINLIGTING VAN DIE DEELNEMER	42
4.4	RESULTATE VERKRY MET BEHULP VAN DIE PSIGOMETRIESE TOETSE VÓÓR NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING (VOORTOETS)	44
4.4.1	Die Differensiële Aanlegtoetse	44
4.4.2	Die Myers-Briggs Type Indicator	46
4.4.3	Die Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys	47
4.5	RESULTATE VERKRY MET BEHULP VAN DIE PSIGOMETRIESE TOETSE NA AFLOOP VAN NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING (NATOETS)	47
4.5.1	Die Differensiële Aanlegtoetse	47
4.5.2	Die Myers-Briggs Type Indicator	49
4.5.3	Die Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys	49
4.6	BESPREKING VAN DIE TRADISIONELE EN NARRATIEWE BEROEPSFASILITERINGSESSIES EN GEÏDENTIFISEERDE TEMAS	50
4.6.1	Proses van beroepsfasilitering	50
4.6.2	SESSIE 1	51
4.6.2.1	Ontmoeting en die afneem van die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI) persoonstipevraelys: Voortoets	51
4.6.2.2	Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer	51

4.6.2.3	Refleksie	51
4.6.3	SESSIE 2	52
4.6.3.1	Afneem van die Differensiële Aanlegtoetse (SAT-L) en die Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys (RMBV): Voortoets	52
4.6.3.2	Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer	53
4.6.3.3	Refleksie	53
4.6.4	SESSIE 3	53
4.6.4.1	Collage	53
4.6.4.2	Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer	54
4.6.4.3	Refleksie	54
4.6.5	SESSIE 4	55
4.6.5.1	Lewensverhaal (1) en informele media	55
4.6.5.2	Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer	56
4.6.5.3	Refleksie	57
4.6.6	SESSIE 5	57
4.6.6.1	Informele werkboek	57
4.6.6.2	Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer	58
4.6.6.3	Refleksie	58
4.6.7	SESSIE 6	59
4.6.7.1	Lewenslyn	59
4.6.7.2	Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer	60
4.6.7.3	Refleksie	60
4.6.8	SESSIE 7	61
4.6.8.1	Bates en sterk punte, vroeë herinneringe en lewensverhaal (2)	61
4.6.8.2	Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer	61
4.6.8.3	Refleksie	62
4.6.9	SESSIE 8	63
4.6.9.1	Afneem van die Differensiële Aanlegtoetse (SAT-L), Myers-Briggs Type Indicator (MBTI) persoonstipevraelys en die Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys (RMBV): Natoets	63
4.6.9.2	Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer	63

4.6.9.3	Refleksie	63
4.6.10	SESSIE 9	64
4.6.10.1	Bespreking van die sessies en beroepsmoontlikhede	64
4.6.10.2	Verloop van die sessie en bespreking van beroepsmoontlikhede	64
4.7	KATEGORISERING EN OPSOMMING VAN GEÏDENTIFISEERDE TEMAS	66
4.7.1	Oorwegende temas wat in die onderhawige studie geïdentifiseer is	68
4.8	DIE IMPAK VAN NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING OP DIE PERSOONLIKE GROEI VAN DIE DEELNEMER	69
4.8.1	Vergelyking van die resultate van die voor- en natoets	69
4.8.1.1	Die Differensiële Aanlegtoetse	69
4.8.1.2	Terugvoer van die deelnemer ten opsigte van die SAT-L	70
4.8.1.3	Die Myers-Briggs Type Indicator	70
4.8.1.4	Terugvoer van die deelnemer ten opsigte van die MBTI	70
4.8.1.5	Die Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys	71
4.8.1.6	Terugvoer van die deelnemer ten opsigte van die RMBV	72
4.8.2	Terugvoer van die deelnemer en 'n terugblik vanuit die navorser se reflektiewe dagboek ten opsigte van die narratiewe beroepsfasiliteringsproses	72
4.8.2.1	Persoonlike berading en beroepsfasilitering is nou verweef	72
4.8.2.2	Vergelyking van die psigometriese toetsresultate	73
4.8.2.3	Kliëntgesentreerde benadering	74
4.8.2.4	Die narratiewe beroepsfasiliteringsproses as 'n geheel	75
4.9	OPSOMMING	76

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDENDE ORIËNTERING	78
5.2 BEVINDINGE WAAROP DIE AANBEVELINGS GEGROND IS	78
5.2.1 Hoofstuk 1: Oriëntering, konseptualisering, probleemstelling en metodologiese verantwoordings	78
5.2.2 Hoofstuk 2: 'n Oorsig van verskeie epistemologiese vertrekpunte wat met narratiewe beroepsfasilitering verband hou	79
5.2.3 Hoofstuk 3: Metodologiese verantwoordings	79
5.2.4 Hoofstuk 4: Bevindinge en bespreking: Gevalstudie ter illustrasie van die toepassing van narratiewe beroepsfasilitering op 'n tradisioneel benadeelde begaafde student	80
5.3 HERBESINNING OOR DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG	80
5.4 UITDAGINGS (BEPERKINGE) VAN HIERDIE STUDIE	81
5.5 ETIESE ASPEKTE	82
5.6 KWALITEITSVERSEKERING: DIE FASILITERING VAN VERTROUWABAARHEID, TRIANGULASIE EN KRISTALLISASIE	82
5.7 AANBEVELINGS	83
5.8 SLOTOPMERKING	84

HOOFSTUK 1

ORIËTERING, KONSEPTUALISERING, PROBLEEMSTELLING EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.1 INLEIDENDE ORIËTERING

Die praktyk van tradisionele beroepsfasilitering word gekenmerk deur die gebruik van persoonlikheidstoetse, aanlegtoetse, belangstellingstoetse, werkkaarte, rekenaarprogramme en onderhoude. Onderhoude (soos gebruik in die tradisionele benadering), word in postmoderne¹ beroepsfasilitering verder ontwikkel met narratiewe beroepsfasilitering as doel (Eloff, 2002:136).

Tradisionele beroepsfasilitering het 'n transformasie ondergaan wat 'n verskuiwing na die postmoderne benadering behels. Maree, Bester, Lubbe en Beck (2001:324) wys daarop dat die veranderende fokus van tradisionele na postmoderne beroepsfasilitering die bemagtiging van kliënte uitlig, eerder as om kliënte op grond van hul belangstellings en aanleg in kategorieë te plaas. Bemagtiging van kliënte stel hulle nie alleen in staat om hul eie beroepskeuses te maak nie, maar ook om verantwoordelikheid vir hul beroepsbesluite te neem.

Tradisionele beroepsfasiliteringsmodelle is hoofsaaklik afkomstig van Amerika. Volgens Stead en Watson (1999:223) is dit belangrik dat Suid-Afrikaanse beroepsfasiliteerders teorieë, modelle en tegnieke ontwikkel wat hul oorsprong in Afrika het. Sinha in Stead en Watson (1999:215) maak die volgende stelling:

The indigenous psychology approach can be defined as those elements of knowledge that have been generated in a country or a culture, and that have developed therein, as opposed to those that are imported or brought from elsewhere.

¹ Die term “postmoderne” in hierdie skripsie verwys na “benaderings (bv. narratief, kontekstueel, konstruktief) wat die belangrikheid beklemtoon van die begrip van ons beroepe soos hulle beleef word” (Niles & Harris-Bowlsbey, 2002:87).

Maree *et al.* (2001:327) is van mening dat sekere beperkinge van die tradisionele benadering binne die postmoderne konteks uitgelig word. Tradisionele beroepsfasilitering maak nie voorsiening vir diverse kulture nie en maak hoofsaaklik gebruik van psigometriese toetsing vir die bepaling van beroepskeuses. Volgens De Klerk in Maree *et al.* (2001:327) is die gebruik van psigometriese toetse in die Suid-Afrikaanse multikulturele konteks problematies, onder andere vanweë die volgende redes:

- Weinig psigometriese toetse is spesifiek gestandaardiseer vir die diverse bevolkingsgroepe van Suid-Afrika. Die meeste psigometriese toetse is slegs gestandaardiseer vir blanke Afrikaans- en Engelssprekendes.
- Amerikaanse en Europese toetse is nie noodwendig geldig of betroubaar vir die diverse Suid-Afrikaanse bevolking nie. Tradisionele beroepsfasiliteringsmodelle is hoofsaaklik afkomstig van Amerika.
- Die resultate van psigometriese toetse word dikwels te hooggeag. Hierdie aspek lei daartoe dat die beroepsfasiliteerder as die kenner beskou word (op grond van die psigometriese toetse se resultate) en dat die beroepsfasiliteerder se aanbevelings blindelings deur die kliënt aanvaar word.
- Die kliënt word nie bemagtig om verantwoordelikheid te neem vir die onafhanklike besluitneming oor 'n toekomstige beroep nie. Die kliënt maak staat op die resultate van die psigometriese toetse wat beteken dat die persoon in kategorieë geplaas word en by die omgewing gepas word.

Volgens Lötter in Bester (1999:23) word 'n postmoderne samelewing gekenmerk deur:

- 'n Houding van openheid teenoor dit wat anders is. Dit impliseer 'n openheid tot ander kulture, rasse, godsdienstige of morele oortuiging of seksuele oriëntasie.
- Verskeidenheid in 'n samelewing as iets wat belangrik en verrykend is.
- 'n Vermenging van style en 'n selektiewe en kreatiewe kombinasie van reeds beskikbare idees (ongeag hul oorsprong).

Die doel van hierdie studie is om die impak van narratiewe beroepsfasilitering op die persoonlike groei en beroepskeuse by 'n begaafde, tradisioneel benadeelde student te bepaal. Narratiewe beroepsfasilitering sal in besonderhede in Hoofstuk 2 bespreek word.

Ten einde die navorsingstitel te belig, word enkele sleutelkonsepte vervolgens verhelder.

1.2 KONSEPTUALISERING

1.2.1 Narratiewe beroepsfasilitering

Narratiewe beroepsfasilitering is 'n term wat interafhanklik gebruik word saam met 'n verskeidenheid ander terme. Alternatiewe wat in die literatuur gebruik word, sluit in: “kwalitatiewe, postmoderne, konstruktivistiese en alternatiewe beroepsfasilitering.”

Die term “narratiewe beroepsfasilitering” sal hoofsaaklik gebruik word, aangesien die deelnemer se lewensverhaal 'n belangrike rol in die studie speel. Christensen en Johnston (2003:149) toon aan dat die narratiewe benadering die kliënt beide as outeur en hoofkarakter van 'n beroepsverhaal beskou.

Zimmerman en Dickerson in Corsini (2001:415) beskryf die narratiewe benadering as die identifisering van probleme in dominante ‘verhale’ (narratiewe) wat die mens se lewe beïnvloed. Hierdie narratiewe ontstaan deur die betekenis wat die mens aan sy/haar ervarings heg, asook die wyse waarop die mens sy/haar eie narratiewe interpreteer en besluit wat betekenisvol is. McQuaide in Eloff (2002:136) is van mening dat dit die doel van 'n narratiewe terapeut is om kliënte te begelei, hul lewensverhale te identifiseer en uit te brei.

1.2.2 Begaafdheid

Clark in Mohlala (2000:9) is van mening dat verskillende betekenis aan die term “begaafdheid” geheg word. Carlson in Mohlala (2000:9) glo dat die term “begaafdheid” geskep is deur spesifieke gemeenskappe en beïnvloed word deur verskillende waardes en geloofstelsels van ‘n spesifieke gemeenskap.

Arroyo en Sternberg (1993:29-30) beskryf die begaafde, benadeelde individu as ‘n persoon wat sy/haar intellektuele potensiaal maksimaliseer en by omstandighede van sy/haar benadeelde omgewing aanpas deur alternatiewe te skep wat beide die persoon se persoonlike lewe en die lewens van ander kan verryk.

Die deelnemer word as begaafd beskou, vanweë uitstekende akademiese resultate in graad 12 ten spyte van ‘n ernstig benadeelde milieu. Die deelnemer het in sy graad 12-jaar drie vakke op die hoër graad en drie vakke op die standaardgraad geneem. Vir die drie standaardgraadvakke, wiskunde, biologie en natuur- en skeikunde, het hy onderskeidelik ‘n A-, B- en C-simbool behaal.

1.2.3 Tradisioneel benadeelde student

Vir die doeleindes van hierdie studie verwys die term “tradisioneel benadeelde student” na ‘n student uit ‘n voorheen benadeelde Suid-Afrikaanse gemeenskap vanweë apartheid as politieke situasie in die land.

1.2.4 Voorgraadse student

Die deelnemer in hierdie studie is ‘n 19-jarige wat tans ingeskryf is as voorgraadse student by ‘n tersiêre instansie. Hy het graad 12 met matrikulasie-endorsement geslaag. Die deelnemer bly in die koshuis op die universiteitskampus en woon daaglik lesings by.

1.2.5 Persoonlike groei

Die narratiewe benadering maak dit moontlik vir die kliënt en beroepsfasiliteerder om in verband met 'n verskeidenheid aspekte te kommunikeer. Gebeure in die kliënt se verlede, die kliënt se gevoelens in die hede en doelwitte vir die toekoms word tydens die narratief bespreek (Christensen & Johnston, 2003:153).

Die kliënt kry die geleentheid om situasies wat hy in sy lewe beleef het, saam met die beroepsfasiliteerder te analiseer. Karaktereieenskappe van die kliënt kan uitgelig en as bates benut word. Geïdentifiseerde bates en sterk punte vorm 'n integrerende deel van die beroepsfasiliteringsproses.

1.3 DEFINIËRING VAN DIE ALGEMENE PROBLEEMSTELLING

1.3.1 Die navorsingsprobleem: Agtergrond

Vir dekades is daar aanvaar dat tradisionele beroepsfasilitering op geslaagde wyse by blanke Afrikaans- en Engelssprekende leerders uitgevoer is. Daar is egter nie voldoende voorsiening gemaak vir die diverse Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe nie en alle kulture kon nie by die tradisionele benadering baat nie. In die postmoderne era word die diversiteit van waardes, kultuur, leerstyle, persoonstipes en godsdienstige oortuigings binne die samelewing as verrykend beskou. Onderhoude en die persoon se lewensverhaal speel 'n belangrike rol in postmoderne beroepsfasilitering.

1.3.2 Algemene probleemstelling

Hoe impakteer narratiewe (postmoderne) beroepsfasilitering op die persoonlike groei van 'n tradisioneel benadeelde, begaafde voorgraadse student verbonde aan 'n tersiêre instansie?

1.3.3 Formulering van sekondêre navorsingsvrae

Die primêre navorsingsvraag lei tot die volgende sekondêre probleemstellings:

- Watter moontlike impak kan narratiewe beroepsfasilitering op begaafde, tradisioneel benadeelde leerders in Suid-Afrika hê? (Hoofstuk 2)
- Hoe vergelyk die deelnemer se aanvanklike assesseringsuitslae met die resultate van dieselfde assessering wat twaalf maande later uitgevoer is? (Hoofstuk 4)
- Hoe impakteer die deelnemer se persoonlike groei op sy beroepskeuse? (Hoofstuk 4)
- Watter moontlike betekenis het hierdie studie vir die praktyk en teorie van beroepsfasilitering in Suid-Afrika? (Hoofstuk 5)

1.4 VERWAGTE UITKOMSTE VAN DIE STUDIE

Die verwagte uitkoms van die navorsing is om die impak van narratiewe beroepsfasilitering op 'n tradisioneel benadeelde, begaafde student se persoonlike groei te begryp en te identifiseer. Die navorsing sal geskied deur 'n voorgraadse student van 'n tersiêre instansie as gevalstudie te betrek. Die impak van narratiewe beroepsfasilitering op die deelnemer se persoonlike groei en beroepskeuse sal geëvalueer word.

1.5 BETEKENIS VAN DIE STUDIE

Die moontlike impak van die studie is dat die invloed van narratiewe beroepsfasilitering op 'n tradisioneel benadeelde, begaafde student se persoonlike groei en beroepskeuse vasgestel word. Die uiteindelige doel van die studie is om die teoretiese fundering van narratiewe beroepsfasilitering met tradisioneel benadeelde kliënte te vestig. Die uitkoms van die studie kan moontlik 'n invloed op die implementering van beroepsfasilitering (narratiewe beroepsfasilitering) by tradisioneel benadeelde kliënte meebring.

1.6 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Tradisionele beroepsfasilitering word hoofsaaklik gekenmerk deur die gebruik van psigometriese toetsing vir die bepaling van beroepskeuses. Min psigometriese toetse is spesifiek gestandaardiseer vir die diverse Suid-Afrikaanse populasie (De Klerk in Maree *et al.*, 2001:327). Die meeste psigometriese toetse is slegs gestandaardiseer vir blanke Afrikaans- en Engelssprekendes.

Die navorser beskou narratiewe beroepsfasilitering as opsie vir tradisioneel benadeelde kliënte.

1.7 VOORSIENE UITDAGINGS

Die volgende moontlike beperkings kan by die gevalstudie as navorsingsontwerp geïdentifiseer word:

- Die mate waarin die navorsing veralgemeen kan word (op grond van een gevalstudie) dien as die studie se hoofbeperking.
- Vanweë verskille tussen die navorser en deelnemer ten opsigte van kultuur en geslag bestaan die moontlikheid van miskommunikasie en/of die misinterpretasie van situasies tydens die navorsingsproses.
- Die moontlikheid bestaan dat die deelnemer wat vir die studie gekies word, nie deur die hele navorsingsproses by die studie betrokke kan wees nie.

1.8 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

Hierdie studie word primêr onderneem vanuit die KWALITATIEWE-kwantitatiewe², interpretevistiese epistemologie.

² KWALITATIEF-kwantitatief dui in die onderhawige studie daarop dat die navorsing primêr kwalitatief en sekondêr kwantitatief van aard is. Die 'kwantitatiewe' deel van die studie verwys bloot na die resultate van psigometriese toetse wat afgeneem word en 'n integrerende deel van die navorsingsproses uitmaak.

Die navorsingsontwerp, navorsingsmetodologie, data-insamelingstrategieë en die data-analiseringsstrategieë sal volledig in Hoofstuk 3 bespreek word.

1.9 OPSOMMING EN HOOFSTUKVERDELING

Die doel van Hoofstuk 1 is om vir die leser 'n raamwerk te skep wat in Hoofstuk 2 tot 5 volg. 'n Beskrywing van narratiewe beroepsfasilitering sal vervolgens in Hoofstuk 2 bespreek word.

HOOFSTUK 2

In Hoofstuk 2 word narratiewe beroepsfasilitering breedvoerig bespreek.

HOOFSTUK 3

Hoofstuk 3 sal 'n vollediger omskrywing van die navorsingsmetodologie bied.

HOOFSTUK 4

Hoofstuk 4 sal die uitwerking van narratiewe beroepsfasilitering as intervensiemoontlikheid by die begaafde tradisioneel benadeelde student evalueer.

HOOFSTUK 5

In Hoofstuk 5 word die studie kortliks saamgevat, bespreek en enkele aanbevelings word gemaak.

HOOFSTUK 2

‘N OORSIG VAN VERSKEIE EPISTEMOLOGIESE VERTREK-PUNTE WAT MET NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING VERBAND HOU

2.1 INLEIDENDE ORIËNTERING

In ‘n wêreld wat voortbeweeg na postmoderne denke begin Suid-Afrika en beroepsfasilitering ook verander. Volgens Maree en Beck (2004:81) word beroepsfasilitering steeds primêr gebaseer op Westerse beginsels, wat nie vir die unieke behoeftes van die diverse Suid-Afrikaanse populasie voorsiening maak nie. As gevolg van die voorgenoemde rede is dit van kardinale belang dat tradisionele metodes en tegnieke van beroepsfasilitering heroorweeg word.

In hierdie hoofstuk word die rol van beroepsfasilitering in die diverse Suid-Afrikaanse bevolking uitgelig, gevolg deur ‘n vergelyking tussen tradisionele en postmoderne beroepsfasilitering. Die implikasie vir ‘n veranderende fokus in die wêreld van werk oor die afgelope drie eeue en narratiewe terapie as uitvloeisel van postmoderne beroepsfasilitering word bespreek. Ek sluit af deur teorieë, tegnieke en modelle wat by postmoderne beroepsfasilitering aansluit, uit te stippel.

Vervolgens word gefokus op die rol wat beroepsfasilitering in die diverse Suid-Afrikaanse bevolking speel.

2.2 DIVERSITEIT

Volgens Hollinger (in Lubbe, 1999:48) is persone van minder dominante kulture in die verlede gedwing om by die hoofstroom aan te pas. Diversiteit word egter nou bevestig en gewaardeer.

Beroepsfasiliteerders behoort voldoende buigsaam te wees om beroepsfasilitering aan te pas by en toeganklik te maak vir die diverse Suid-Afrikaanse bevolking (Maree &

Beck, 2004:81-82). Postmoderne beroepsfasilitering kan juis 'n verskeidenheid bevolkingsgroepe akkommodeer terwyl tradisionele³ beroepsfasilitering nie voorsiening maak vir die behoeftes van die diverse Suid-Afrikaanse bevolking nie (Maree, 2005:70).

In die postmoderne benadering word diversiteit juis as waardevol geag (Savickas, 1993:29). Volgens van Niekerk (in Bester, 1999:105) word die klem in postmoderne denke geplaas op verdraagsaamheid teenoor verskillende perspektiewe en wêreldbeskouings, asook op die erkenning en aanmoediging van diversiteit in 'n poging om van ander te leer.

Hollinger (1994:188) sluit aan by die voorgenoemde deur te bevestig dat postmoderne denke en diversiteit 'n positiewe uitkoms in die samelewing laat realiseer ten einde respek vir ander te koester en 'n bevooroordeelde ingesteldheid te vermy. Hy stel dit dat een van die doelstellings van postmoderne denke is om verskillende kulture beter te begryp.

In hierdie studie is die deelnemer 'n Xhosa-sprekende man. Tradisionele en postmoderne beroepsfasilitering is toegepas, met die klem op die postmoderne benadering. Die tradisionele benadering word aanvullend tot die postmoderne benadering in hierdie studie aangewend.

Vervolgens word 'n bespreking van beide tradisionele en postmoderne beroepsfasilitering gebied.

2.3 FOKUS OP TRADISIONELE BEROEPSFASILITERING

Tradisionele beroepsfasilitering se vertrekpunt is 'n positivistiese, objektiewe raamwerk. Objektiewe toetsresultate van die kliënt (verkry aan die hand van psigometriese toetse) word deur die beroepsfasiliteerder geïnterpreteer om sodoende karaktereienskappe van die kliënt te analiseer en om 'n passing ten opsigte van 'n spesifieke beroep te probeer vind. Indien die waardes, belangstellings en vermoëns van die kliënt in pas is

³ 'n Beskrywing van tradisionele beroepsfasilitering word in paragraaf 2.3 en 2.3.1 gebied.

met die vereistes van 'n spesifieke beroep, word die aanname gemaak dat die individu die beroep as vervullend en stabiel sal beskou (Maree & Beck, 2004:81-83).

Campbell en Ungar (in Thrift & Amundson, 2005:12) meld dat die tradisionele benadering tot beroepsfasilitering nie besonder geskik is vir 'n gemeenskap waar mense uit 'n verskeidenheid bevolkingsgroepe met 'n reeks ervarings en verwagtinge afkomstig is nie. Die tradisionele benadering is verder ook nie geskik in 'n werkkultuur waar gereelde werksverandering die norm is nie, omdat tradisionele beroepsfasilitering daarop fokus om 'n persoon en 'n beroep by mekaar te pas (Thrift & Amundson, 2005:11; Watson & McMahon, 2005:vii).

Soos reeds vermeld, word tradisionele beroepsfasilitering hoofsaaklik gebaseer op die inskakeling van psigometriese toetse. Vervolgens word bepaalde leemtes van gestandaardiseerde toetse bespreek.

2.3.1 Bepaalde leemtes van gestandaardiseerde toetse

Volgens Maree en Beck (2004:81-82) is meeste van die Suid-Afrikaans gestandaardiseerde psigometriese toetse slegs vir Afrikaans- en Engelssprekende (moedertaal) leerders geskik. Psigometriese toetse word dikwels in Suid-Afrika deur beroepsfasiliteerders onwetenskaplik toegepas, aangesien hierdie toetse op Eurosentriese teorieë en modelle van beroepsontwikkeling gebaseer is. Meer navorsing is egter nodig om die geldigheid en betroubaarheid van hierdie toetse in die Suid-Afrikaanse konteks te bepaal omdat hierdie toetse nie vir die Suid-Afrikaanse bevolking gestandaardiseer is nie.

In hierdie studie is die deelnemer se derde taal Engels en die psigometriese toetse is in Engels afgeneem. Die moontlikheid bestaan dat die deelnemer nie die vrae in die meeste van die psigometriese toetse ten volle begryp het nie en sodoende sommige vrae ontoepaslik beantwoord het. Beroepsfasilitering aan die hand van postmoderne beginsels kan moontlik 'n bydrae lewer om hierdie gaping te oorbrug, onder meer vanweë die geleentheid wat aan die sielkundige gebied word om die resultate met die

deelnemer te bespreek en te verifieer. Tradisionele beroepsfasilitering maak dikwels in mindere mate toereikend voorsiening vir die bespreking van toetsresultate, onder meer aangesien die fasiliteerder dikwels as die alleen-ekspert oor die kliënt in hierdie benadering beskou word.

In Hoofstuk 1 (1.1) word die problematiek rondom die gebruik van psigometriese toetse in die Suid-Afrikaanse multikulturele kontekste uitgestippel.

2.4 FOKUS OP POSTMODERNE BEROEPSFASILITERING

In die postmoderne wêreld word klem gelê op die vermoë van individue om regdeur hul lewensloop te leer en te ontwikkel. Tesame met hierdie verandering vanaf die moderne na die postmoderne era, word 'beroep' as 'n dinamiese, persoonlike proses beskryf wat die kliënt se sosiale en historiese agtergrond tydens die beroepsfasiliteringsproses insluit. Beroepsfasilitering word beskou as 'n lewenslange proses wat strek oor die lewensloop en sowel fasiliteerder as kliënt behoort tydens hierdie proses te fokus op die betekenis wat individue aan hul werkservaringe heg (Maree & Beck, 2004:84; Thrift & Amundson, 2005:11; Watson & McMahon, 2005:vii-viii).

Die lewenspanteorie van Donald Super sluit by voorgenoemde stellings aan. Beroepsontwikkeling word as 'n multifaseproses beskou wat vanaf die vroeë kinderjare tot laat volwassenheid verloop, waartydens kliënte bemagtig word om beroepskeuses (gedurende hul lewensloop) uit te oefen (Langley in Stead & Watson, 1999:69-70, 78).

Ek gaan vervolgens poog om lig te werp op enkele kenmerke van beroepsfasilitering in die postmoderne era.

2.4.1 Enkele kenmerke van postmoderne beroepsfasilitering

Ek beoog om Savickas (1993:210-213) se uiteensetting te volg ten einde enkele kenmerke van postmoderne beroepsfasilitering uit te lig. Hierdie kenmerke is

opsommend van postmoderne beroepsfasilitering en het betrekking op die onderhawige studie.

2.4.1.1 Beroepsfasiliteerders is nie eksperte nie

In plaas daarvan dat die beroepsfasiliteerder as kundige gekenmerk word, word daar in die postmoderne benadering meer aandag bestee aan die verhouding tussen die kliënt en beroepsfasiliteerder. Die kliënt word aangemoedig om deurgaans by die beroepsfasiliteringsproses betrokke te wees, aangesien hy/sy in beheer van sy/haar eie lewe is. Die fokus is selfontwikkeling van die kliënt terwyl die beroepsfasiliteerder die kliënt se besluitneming fasiliteer (Savickas, 1993:210).

2.4.1.2 Bemagtiging van kliënte in plaas van beroeps passing

Beroepsfasiliteerders word beskou as mede-outeurs wat saam met die kliënt optree om die kliënt se ervarings duideliker te beskryf, en hulle twyfel daaraan dat persone by hul omgewings gepas kan word. Daar word gepoog om kliënte te bemagtig eerder as om hulle by hul omgewings te pas (Savickas, 1993:210). Bester (1999:160) stel dit dat deur die proses van bemagtiging 'n atmosfeer in die fasiliteringsproses geskep word waarbinne daar vryheid vir individue is om hul eie lewensplan op te stel.

2.4.1.3 Herskryf die dominante lewensverhaal

Beroepsfasiliteerders besef in toenemende mate dat teorieë oor menslike ontwikkeling slegs aanvaarbaar is binne die konteks en kultuur waarin dit geskep is. Geen twee individue in dieselfde gemeenskap deel dieselfde narratief nie. Daar bestaan immers nie slegs één raamwerk of enkelvoudige waarheid wat deur alle mense in 'n gemeenskap gedeel word nie. Beroepsvoorligters wat hul kliënte vanuit 'n postmoderne benadering help, fokus meer op die lewenstruktuur van hul kliënte, dit wil sê op die manier waarop kliënte hul basiese rolle van werk, ontspanning, vriendskap en familie in een lewe integreer (Bester 1999:160; Savickas, 1993:211).

2.4.1.4 Loopbaankeuse is persoonlik

Sodra 'n persoon se werkrol nie meer van sy/haar ander lewensrolle geskei word nie, bestaan daar nie 'n verskil tussen beroepsfasilitering en persoonlike berading nie. Postmoderne beroepsfasilitering bied 'n persoonlike, subjektiewe aanknopingspunt wat lei tot betekenisvorming en verhoudingstiging eerder as 'n objektiewe, wetenskaplike benadering soos in tradisionele beroepsfasilitering. Die verhoogde klem op persoonlike betekenisgewing van die kliënt in postmoderne beroepsfasilitering en die terapeutiese verhouding vernou die gaping tussen persoonlike berading en beroepsfasilitering (Savickas, 1993:211).

2.4.1.5 Beroepsvoorligtingsteorieë is nie voorligtingsteorieë nie

In plaas van die klem bloot te plaas op beroepsvoorligtingsteorieë fokus postmoderne fasiliteerders veral op teorieë oor die wyse waarop mense beroepe kies en hul loopbane ontwikkel. Beroepsfasilitering in 'n postmoderne konteks fokus juis op die fasilitering van die voorligtingsproses ten einde kliënte te help om betekenis te gee aan hul eie situasies, en om sodoende **self** besluite te kan neem oor die konstruksie van hul beroepe (Bester 1999:161; Savickas, 1993:212).

2.4.1.6 Verhale eerder as toetsresultate

Soos hermeneutiese studente wat die betekenis van 'n letterkundige stuk in terme van die liggaam van die werk interpreteer, kan beroepsfasiliteerders 'n kliënt se belangstellings en vermoëns as 'n uitdrukking van 'n loopbaanpatroon of sentrale lewenstema interpreteer. In plaas daarvan dat die kliënt op grond van toetsresultate by sy/haar omgewing gepas word, word die kliënt se lewensverhaal geanaliseer in 'n soeke na hoof- en subtemas (Savickas, 1993:213).

Vervolgens word 'n vergelyking tussen tradisionele en postmoderne beroepsfasilitering gebied.

2.5 ENKELE VERSKILLE TUSSEN TRADISIONELE EN POSTMODERNE BEROEPSFASILITERING

2.5.1 Objektiviteit word deur perspektiwiteit vervang

Die idee van objektiewe assessering uit die perspektief van 'n positivistiese wêreldbeskouing (gekenmerk deur toetsresultate), word deur die idee van subjektiviteit vervang. Die kliënt word aangemoedig om sy/haar subjektiewe kern van sy/haar kennis te ontdek om dit deel van die beroepsfasiliteringsproses te maak (McMahon, Patton & Watson, 2003:195). Die postmoderne benadering vervang objektiviteit met perspektiwiteit (Savickas, 1993:208).

Tydens die studie sal geleentheid vir die deelnemer gebied word om oor die resultate van die psigometriese toetse te reflekteer. Die resultate waarmee die deelnemer nie saamstem nie, sal met hom onderhandel word ten einde persoonlike betrokkenheid en gedeelde mening (*personal agency* en *shared meaning*) te fasiliteer. Die deelnemer se perspektief rondom die toetsresultate word immers as uiters waardevol geag.

2.5.2 Die kliënt as ekspert in plek van die fasiliteerder

Volgens Lubbe (1999:65) aksentueer die postmoderne era in besonder die klemverskuiwing van beroepsfasilitering na selfontwikkeling, waar die fasiliteerder nie meer die 'alleswetende kundige' is nie, maar slegs 'n ko-konstrueerder van die kliënt se persoonlike lewensin. Die beroepsfasiliteerder fasiliteer die proses en bemagtig die kliënt om self betekenis te skep en te gee. Kretzmann en McKnight (in Eloff & Ebersöhn, 2001:150) sluit hierby aan met die bate-gebaseerde benadering wat fokus op die bemagtiging van individue. Hierdie benadering impliseer dat 'professionele dominansie' vervang word deur die kliënt as aktiewe deelnemer aan 'n dinamiese vennootskap met die fasiliteerder.

Tydens die onderhawige studie word die deelnemer as die ekspert beskou rakende sy eie situasie en hy sal deurgaans aangemoedig word om aktief en deelnemend by die beroepsfasiliteringsproses betrokke te raak.

2.5.3 Persoonlike betekenis word aan 'n beroep geheg

Die postmoderne werksetiek met die klem op selfontwikkeling en betekenisvorming vereis dat daar 'n meer subjektiewe komponent tot beroepsfasilitering gevoeg word ten einde kliënte se behoeftes aan 'n persoonlike betekenis van werk te bevredig (Bester, 1999:195).

In plaas daarvan om bloot die deelnemer se 'gemete profiel' by bepaalde 'beroepsprofile' te pas, word gepoog om saam met die deelnemer sy sterk punte en ervarings duideliker te omskryf ten einde sy lewensplan in beraadslaging met hom op te stel en sy lewensverhaal verder te skryf (of dan, in die taal van Savickas en andere: Te herskryf).

2.5.4 Beroepsfasilitering en persoonlike berading is nou verweef

In die tradisionele benadering word verandering in die kliënt se lewe na afloop van die beroepsfasiliteringsproses gehanteer omdat die fasiliteerder intervensie op grond van die resultate van die assessering baseer. Postmoderne beroepsfasilitering vereis dat beide die kliënt en fasiliteerder tydens die beroepsfasiliteringsgeleentheid aktief betrokke is. Aksieplanne vir die hantering van geïdentifiseerde struikelblokke (nie net beroepsprobleemgerig nie, maar ook uitdagings in die persoon se persoonlike lewe) word deur kommunikasie geko-konstrueer (McMahon *et al.*, 2003:196).

2.5.5 Die fokus van beroepsfasilitering

Die tradisionele beroepsfasiliteringsproses word gerig deur gestandaardiseerde toetse wat subjektief van aard is en die fasiliteerder as die 'kenner' voorstel. Betekenisbepaling geskied hoofsaaklik op grond van die uitkomst van die

assessering. Die postmoderne beroepsfasiliteringsproses word verryk omdat die fasiliteerder die **betekenis** van die kliënt se lewenspatroon gedurende die proses probeer vasstel (McMahon *et al.*, 2003:196).

2.5.6 Die doel van beroepsfasilitering

Tradisionele beroepsfasilitering lê minder klem op die **proses** van die beroepsfasilitering en beskou die **uitkomste van toetsresultate** as uiteindelijke doel. Postmoderne beroepsfasilitering fokus op die **proses** van beroepsfasilitering en die ontleding van 'dominante stories' in die kliënt se lewe ten einde moontlike beroepsrigtings te bepaal (Lax in McNamee & Gergen, 1994:81).

Indien die primêre fokus van hierdie studie slegs op die **uitkomste van toetsresultate** was, sou daar moontlik belangrike inligting aangaande die deelnemer tydens die beroepsfasiliteringsproses verlore geraak het. Die fokus was egter eerder op die **proses** van beroepsfasilitering, wat meegebring het dat meer toepaslik voorsiening gemaak kon word vir persoonlike betrokkenheid (personal agency), wat onder meer daaruit geblyk het dat outentieke beroepsfasilitering, persoonlike berading sowel as die stel van persoonlike doelwitte vir die toekoms deur die deelnemer gefasiliteer is.

2.5.7 Finansiële implikasies van beroepsfasilitering

Volgens Eloff (in Maree & Ebersöhn, 2002:136) is narratiewe beroepsfasilitering meer tydsaam (daarom duurder) as tradisionele beroepsfasilitering.

Die skep van 'n nuwe identiteit vir beroepsfasilitering (die skuif van die tradisionele na die postmoderne benadering) blyk dus 'n besondere uitdaging te wees. 'n Nuwe identiteit beteken egter nie noodwendig die algehele vervanging van tradisionele (modernistiese) beroepsfasilitering met postmoderne praktyk nie. Inteendeel, die doel is om beide benaderings aanvullend tot mekaar te gebruik (Watson & McMahon, 2005:viii).

Vervolgens word die wêreld van werk oor die afgelope drie eeue uitgelig.

2.6 'N VERANDERENDE FOKUS IN DIE WÊRELD VAN WERK OOR DIE AFGELOPE DRIE EEUE

Met die wêreldwye verandering van die moderne na die postmoderne era is daar terselfdertyd in die wêreld van werk 'n veranderende fokus (Maree in Maree *et al.*, 2001:325). Vervolgens word die veranderende werksetiek vanaf die 19de tot die 21ste eeu met behulp van 'n tabel aangedui:

Tabel 1: 'n Veranderende werksetiek vanaf die 19de tot die 21ste eeu

19 ^{de} EEU	20 ^{ste} EEU	21 ^{ste} EEU
<p>Waarde word geheg aan die individu se onafhanklikheid, selfonderhouding, spaarsamigheid, selfdiscipline en nederigheid.</p> <p>Meeste mense was boere of het ambagte beoefen.</p> <p>Innerlike tevredenheid is bereik deur selfekspresie en motivering is intrinsiek aan die persoon.</p>	<p>Industriële veranderinge bring maatskappye en organisasies tot stand wat selfindiensneming op plase vervang.</p> <p>Hoë sosiale status word as belangrik geag.</p> <p>Die 19^{de} eeu se passie, kreatiwiteit en selfekspresie word vervang deur die fokus op redenering, observasie en akkuraatheid.</p> <p>Belangstelling, waardes, persoonlikheid en aanleg is verobjektiveer om beroepskeuses te maak.</p>	<p>Selfontwikkeling word as die nuwe werksetiek beskou.</p> <p>Mense word ondersteun om meer selfgeldend te wees in hul besluite en om krities te wees teenoor outoriteit.</p> <p>Mense word aangespoor om meer betrokke by hul kultuur en gemeenskap te raak.</p> <p>Sukses word deur middel van samewerking en deelname behaal.</p>

(Aangepas uit Savickas, 1993:205-209)

Om die veranderinge in die wêreld van werk oor die afgelope drie eeue te akkommodeer, is dit noodsaaklik dat innoverende metodes en tegnieke in die veld van beroepsfasilitering ingeskakel word.

Ek fokus vervolgens op die narratiewe faset van beroepsfasilitering wat individue in die 21ste eeu aanvul.

2.7 NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING

Postmoderne beroepsfasilitering waarvan narratiewe terapie 'n uitvloeisel is, word as 'n sambreelterm beskou. Om toepaslike narratiewe beroepsfasilitering te verseker, behoort die fasiliteerder die kliënt as 'n individu met kennis te beskou, wat moontlik nie vantevore die geleentheid gehad het om sy/haar eie vermoëns in te span om sin te maak van sy/haar probleme nie (Winslade & Monk, 1999:29).

Beroepsfasilitering binne 'n postmoderne konteks dui op fasilitering wat probleemoplossingsgerig is. Individue word bemagtig om self uitdrukking te gee aan hul eie lewensverhale, wat weer die basis van hul toekomsplanne vorm (Bester, 1999:165).

Narratiewe beroepsfasilitering neem 'n aanvang wanneer die fasiliteerder 'n veilige atmosfeer skep waarbinne die kliënt, wat deurgaans gerespekteer word, uitgenooi word om sy/haar verhaal te vertel (Eloff, 2002:132; Winslade & Monk, 1999:28). Hoshmand (1993:179) sluit hierby aan en meld dat narratiewe beroepsfasilitering se sentrale funksie die vertel van 'n verhaal is. Hy verduidelik dat die narratief 'n manier is om die verlede te laat herleef en om huidige sowel as toekomstige ervarings toepaslik te interpreteer.

Winslade en Monk (1999:22) meld dat verhale wat ons oor onself, en wat ander mense van ons vertel, ons unieke realiteite na vore bring. Verhale beskryf nie bloot die mens se lewe nie, maar vorm ook 'n mens se siening van hom/haarself as wese. Die verhale wat vertel word, word uiteindelik die mens se verwysingsraamwerk van hom/haarself.

Mcleod in Eloff (2002:130) verduidelik dat narratiewe terapie nie 'n tegniek is wat bloot saam met 'n reeks ander tegnieke ingeskakel behoort te word nie. Hy beskou dit as 'n alternatiewe terapeutiese intervensie.

Volgens O'Hanlon in Eloff (2002:131) kan narratiewe terapie as die vierde golf in psigoterapie beskou word. Die volgende beskrywing word uitgelig:

Die eerste golf het begin met Freud. Die fokus was op patologie en is deur psigodinamiese teorieë gedomineer. Dit is as definitiewe vooruitgang beskou aangesien dit menslike probleme beskryf het. Die eng fokus op patologie het egter die persepsies van die menslike aard negatief beïnvloed.

Die tweede golf se fokus was die hede en verskuilde betekenis is geïgnoreer. Tydens die tweede golf het gedragsterapie, kognitiewe benaderings en gesinsterapie voorkeur geniet. Alhoewel terapeute as eksperte bekend was, is kliënte nie as 'siek' beskou nie.

Die derde golf het in die 1980's begin en verwys na die sogenoemde bekwaamheidsgebaseerde terapie (*competency-based therapies*). Die terapeut se rol was nie meer dié van probleemoplosser nie. Die aanname was dat oplossings by die kliënt self en in sy/haar sosiale netwerke gesetel was. Verandering in die kliënt se lewe is gesentreer op die bates en oplossings van die kliënt self, eerder as op patologie of probleme as fokuspunt.

Tydens hierdie studie word op narratiewe beroepsfasilitering wat 'n uitvloeisel van postmoderne beroepsfasilitering is, gefokus. Die deelnemer se lewenstorie, ervarings en verwagtinge is tydens die proses gefasiliteer.

Die fokus verskuif nou na 'n bespreking van teorieë, tegnieke en modelle wat by postmoderne/narratiewe beroepsfasilitering aansluit.

2.8 TEORIEË, TEGNIEKE EN MODELLE WAT BY POSTMODERNE BEROEPSFASILITERING AANSLUIT

Volgens Watson en McMahon (2005:viii) heers daar steeds debatvoering oor die verband tussen beroepsfasilitering en persoonlike berading. Die postmoderne invloed in beroepsfasilitering veroorsaak egter dat hierdie gaping vernou en dat persoonlike berading en beroepsfasilitering geïntegreer word. Krumboltz en Davidson (in Maree & Ebersöhn, 2002:9) meld dat persoonlike berading en beroepsfasilitering onafskeidbaar is en dat beroepsfasilitering dikwels as 'n metafoor in 'n persoon se lewe gebruik word wat verandering in sy/haar lewe fasiliteer.

Volgens Lubbe (1999:42) staan postmoderne beroepsfasilitering sentraal tot 'n persoon se unieke en persoonlike ervaringe. Die kliënt se pogings om rigting aan die lewe te gee, word beskou as betekenisgewing en 'n soeke na sin. Hierdie soeke na sin is nie 'n toevallige ontdekking nie, maar word eerder self deur die kliënt ontwerp en gekonstrueer. Beroepsfasilitering word dan medekonstruksie of sosiale konstruksie van betekenis, met ander woorde 'n proses van betekenisgewing. Malan (in Lubbe, 1999:12) stel dit dat 'n grootskaalse globale herstrukturering besig is om plaas te vind en dat teoretiese verwysingsraamwerke nodig is om hierdie onsekere toekoms te verhelder.

Die beroepsfasiliteerder kan 'n verskeidenheid teorieë aanwend ten einde die beroepsfasiliteringsproses te fundeer. Slegs enkele teorieë en tegnieke, wat sentraal tot die doeleindes van hierdie studie is, word vervolgens uitgelig.

2.8.1 Rogers se persoonsgesentreerde benadering

Volgens die persoonsgesentreerde benadering van Rogers geskied toepaslike beroepsfasilitering wanneer openheid en respek tussen die fasiliteerder en kliënt ontstaan. 'n Empatiese verhouding word hoog op prys gestel en hieruit spruit onvoorwaardelike en positiewe aanvaarding van die kliënt. Die voorgenoemde word voltrek deur toepaslike kommunikasie binne die fasiliteringsverhouding (Thompson &

Rudolph, 2000:143). Eloff (2002:132) sluit hierby aan deur te meld dat die eerste stap van narratiewe terapie is dat die fasiliteerder 'n veilige en gerespekteerde atmosfeer skep waarbinne die kliënt sy/haar verhaal kan vertel.

Rogers se beskrywing van die mens en een van die kenmerke van postmoderne beroepsfasilitering word vervolgens (in Thompson & Rudolph, 2000:142) uitgelig:

One of the most satisfying experiences I know is just fully to appreciate an individual in the same way that I appreciate a sunset. When I look at a sunset I don't find myself saying: Soften the orange a little on the right hand corner, and put a bit more purple along the base, and use a little more pink in the cloud colour. I don't try to control a sunset. I watch it with awe as it unfolds.

Rogers se siening van die mens kan vergelyk word met die postmoderne benadering wat die mens as unieke wese aksentueer. Volgens McMahon *et al.* (2003:199) ontstaan 'n kollaboratiewe kliënt-fasiliteerderverhouding in postmoderne beroepsfasilitering, wat die kliënt in staat stel om meer betrokke te wees en om gedeelde verantwoordelikheid tydens die beroepsfasiliteringsproses te neem.

Rogers is van mening dat alle individue in 'n voortdurend-veranderende wêreld (veld) leef en dat die mens op hierdie veld reageer soos wat dit waargeneem en ervaar word. Hierdie waargenome veld is vir die individu die 'realiteit' (Meyer, Moore & Viljoen, 1997:488). In hierdie studie is gepoog om te alle tye kliëntgesentreerd te werk te gaan en om die deelnemer se 'realiteit' in ag te neem, by uitstek teen die verwysingsraamwerk van die postmoderne benadering.

2.8.2 Carkhuff se tweefasemodel

Carkhuff se tweefasemodel het in besonder betrekking op narratiewe beroepsfasilitering deurdat die kliënt se perspektief op 'n bepaalde oomblik ten opsigte van hom/haarself sowel as die kliënt se toekomspektief verken word (Ali & Graham, 1996:29).

Die model bestaan uit twee fases, naamlik 'n 'inwaartse' fase waartydens daar op die kliënt se huidige selfverkenning gefokus word en 'n 'uitwaartse' fase waartydens die toekomspektief van die kliënt ondersoek word. Die bate-gebaseerde benadering (Eloff & Ebersöhn, 2001:151) sluit aan by die twee fases van Carkhuff. Die bate-gebaseerde benadering fokus op watter moontlikhede in die persoon geleë is (inwaartse fase) om voort te kan beweeg (uitwaartse fase). Daar is 'n sterk interne fokus wat beteken dat probleemoplossing en die ontwikkeling van 'n missie vanaf die persoon self moet kom (Ali & Graham, 1996:29; Eloff & Ebersöhn, 2001:151).

Die beroepsfasiliteerder se empatiese ingesteldheid maak die beweging (beplanning vanaf die posisie waarin die kliënt hom/haarself tans bevind, naamlik die 'inwaartse' fase na waar hy/sy na die toekoms mik, naamlik die 'uitwaartse' fase) moontlik. Suksesvolle beroepsfasilitering, geskoei op Carkhuff se model, is daarvan afhanklik dat die beroepsfasiliteerder ingestel moet wees op die kliënt se gereedheid om tussen die twee fases te beweeg (Ali & Graham, 1996:29; Thompson & Rudolph, 2000:147).

In hierdie studie is gebruik gemaak van die lewenslyntegniek van Cochran (1997:74) wat die deelnemer se 'inwaartse' en 'uitwaartse' fase van Carkhuff (Ali & Graham, 1996:29) na vore bring. (Die lewenslyntegniek van Cochran (1997:74) word in Hoofstuk 4 bespreek).

2.8.3 Egan se probleemoplossingsgebaseerde benadering

Vervolgens sal Egan (2002:139, 243, 311) se driefasemodel beskryf word, en daar sal slegs kortliks verwys word na Cochran (1997:73-121) se tegnieke. Daar sal in Hoofstuk 4 uitgebrei word op Cochran se tegnieke in terme van hierdie studie.

2.8.3.1 Fase een – Beginfase: Formulering van die probleem

Die eerste deel van die driefasemodel van Egan verwys na die kliënt se huidige *scenario*. Tydens hierdie fase word die kliënt bygestaan om volgens sy/haar huidige *scenario*, enige probleemsituasies en/of onderontwikkelde geleenthede te verken.

Tydens beroepsfasilitering behoort die kliënt bewus te word van sy/haar beroepsprobleem, met ander woorde met sy/haar bekommernisse en sy/haar swak of onderontwikkelde geleenthede (Ali & Graham, 1996:30; Bester, 1999:171; Egan, 2002:139).

Volgens Pennebaker (in Egan, 2002:140) is 'n belangrike element van die beroepsfasiliteringsproses dat die kliënt die geleentheid gebied word om sy/haar ervaringe in woorde te vertaal deur verhale te gebruik. Volgens Bester (1999:171) kan sekere tegnieke deur die fasiliteerder aangewend word om die kliënt te help om 'n probleem duideliker te begryp. Hierdie tegnieke sluit in die sortering van beroepskaarte, 'n leer waarop konstruksie opgebou kan word, tekeninge, die skep van 'n kort verhaal/aneddote of die ontwerp van 'n *collage*.

2.8.3.2 Fase twee – Middelfase: Oplossingsfase

Volgens Egan (2002:243) staan die tweede fase as die 'oplossingsfase' bekend. Die kliënt word bygestaan om toekomsplanne te ontwikkel en te implementeer ten einde te beweeg van wat die kliënt wil hê, na dit wat die kliënt moet doen om te kry wat hy/sy wil hê. Die kern van beroepsfasilitering is om die kliënt te help om doelwitte te stel en om daardie doelwitstellings te bereik. Bester (1999:174) beskryf die doel van hierdie fase om die kliënt te help om rigting te gee aan 'n toekomsplan deur moontlikhede vir 'n beter toekoms te eksploreer.

Die konstruksie van 'n lewensverhaal vir die toekoms is 'n poging om 'n persoon se mees fundamentele motiewe, sterk punte, belangstellings en waardes saam te weef tot 'n sinvolle toekomsplan. Behoeftes wat reeds in die verlede ontstaan het, asook sterk punte wat in die verlede na vore getree het, moet tot doelgerigte gebruik in die toekoms aangewend word. Die kliënt se belangstellings en waardes wat reeds deur vorige ervarings gevorm is, moet verfyn word en na die toekoms uitgebrei word (Bester, 1999:174; Egan, 2002:244).

Bester (1999:175) beklemtoon dat tegnieke 'n potensieel belangrike rol vervul aan die hand waarvan die fasiliteerder die kliënt bystaan om eers 'n basisverhaal te skep en daarna 'n toekomsverhaal te kies. Cochran (1997:85-87) stel onder andere die volgende tegnieke voor wat die kliënt kan help om 'n voorkeurscenario daar te stel: die opstel van 'n lewenslyn, die weergee van suksesvolle ervarings en die kies van 'n rolmodel.

2.8.3.3 Fase drie – Eindfase: Beplanning

Volgens Egan (2002:311) fokus fasiliteerders en kliënte tydens die derde fase op aktiwiteite of werk wat nodig is om die kliënt se gewenste uitkomst te laat realiseer. Metodes moet gevind word aan die hand waarvan die kliënt se huidige *scenario* oorbrug kan word sodat die gewenste *scenario* kan realiseer. Bepaalde beroepsmoontlikhede moet verken word ten einde 'n loopbaan te kies. Deur eksplorاسie kan kliënte hul huidige *scenario* aanpas by die realiteit wat in 'n bepaalde beroep na vore tree. Volgens Tiedeman (in Bester, 1999:177) behels die eksplorasiefase dat die kliënt tussen aksieplanne differensieer en die gewenstheid en voorspelbaarheid van elkeen oorweeg.

Egan (2002:313) is van mening dat die kliënt se verbeelding tydens die beroepsfasiliteringsproses gestimuleer behoort te word ten einde verskillende opsies vir doelstellings te peil. Egan glo dat 'n dinkskrum 'n belangrike rol in strategie-ontwikkeling kan vervul ten einde 'n gewenste aksieplan te kies.

2.9 SLOTOPMERKING

Narratiewe beroepsfasilitering is 'n proses waartydens fasiliteerders poog om kliënte te bemagtig om hul eie identiteit te ontwikkel, en eienskappe en bates te ontdek om sodoende verantwoordelike beroepskeuses te kan uitoefen.

Dit blyk uit my betoog dat beroepsfasilitering in die postmoderne era kliëntgesentreerd is (of ten minste behoort te wees)! Die behoeftes van die kliënt word voorop geplaas

met die uitsluitlike doel om die kliënt te bemagtig om self besluite oor die toekoms te neem. Die narratiewe benadering bring mee dat die kliënt sy/haar eie lewensverhaal skep met die oog op 'n ideale lewensverhaal (Bester, 1999:195).

Hierdie veranderende fokus in beroepsfasilitering maak myns insiens in groter mate as voorheen voorsiening vir die diverse populasie van Suid-Afrika aangesien daar wegbeweeg word van die tradisionele, positivistiese perspektief wat feitlik eksklusief op toetsresultate staatmaak ten einde beroepsfasilitering te bewerkstellig.

Ek hoop om met hierdie studie 'n moontlike bydrae tot die bestaande kennisbasis rondom die toepassing van narratiewe beroepsfasilitering op tradisioneel benadeelde studente te lewer. Die leser word verwys na Hoofstuk 5 vir 'n vollediger beskrywing van die moontlike sterk punte en die leemtes van hierdie navorsing, asook 'n motivering vir my besondere redes.

HOOFSTUK 3

METODOLOGIESE VERANTWOORDING

3.1 INLEIDENDE ORIËTERING

Ten einde die gebruik en uitwerking van narratiewe terapie as intervensiemoontlikheid van 'n tradisioneel benadeelde student te verken, word 'n gevalstudie by 'n tersiêre instansie onderneem. Die studie word deur die volgende temas gerig:

- Die moontlike impak van narratiewe (postmoderne) beroepsfasilitering op die persoonlike groei van 'n tradisioneel benadeelde, begaafde voorgraadse student verbonde aan 'n tersiêre instansie word ondersoek.
- Die student se aanvanklike assesseringsuitslae word vergelyk met die resultate van dieselfde assessering wat twaalf maande later uitgevoer is.
- Die impak van die student se persoonlike groei op sy beroepskeuse word ondersoek.
- Die moontlike impak van narratiewe beroepsfasilitering op begaafde tradisioneel benadeelde leerders in Suid-Afrika word bepaal.
- Die moontlike betekenis van hierdie studie vir die praktyk en teorie van beroepsfasilitering in Suid-Afrika word bepaal.

Vervolgens sal die ontwerp van die gevalstudie beskryf word.

3.2 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Neuman (1997:62) beskryf 'n "paradigma" as 'n basiese oriëntering tot 'n teorie. Navorsing berus op basiese aannames, navorsingstegnieke en vrae wat beantwoord moet word. 'n Paradigma kan beskou word as 'n denkmodel waarop wetenskaplikes of navorsers 'n teorie bou.

Hierdie studie word primêr vanuit die KWALITATIEWE-kwantitatiewe, interpretevistiese epistemologie onderneem. KWALITATIEF-kwantitatief dui in die onderhawige studie daarop dat die navorsing primêr kwalitatief en sekondêr kwantitatief van aard is. Denzin en Lincoln (1998:19) meld dat kwalitatiewe navorsing interpreterend van aard is. Interpretivisme impliseer dat slegs onverwerkte data geïnterpreteer word ten einde die betekenis, soos deur die deelnemer self gegee, te begryp.

Volgens Terre Blanche en Durrheim (2002:123) word die mens se subjektiewe ervarings as werklik en eg in die interpretevistiese paradigma beskou. In die interpretevistiese epistemologie word kennis verhelder deur observasie, interpretasie en onderhoudvoering (Schurink, in De Vos, 1998:246).

Kwalitatiewe navorsers glo dat realiteit geskep word deur individue of groepe om betekenis te heg aan spesifieke entiteite soos gebeure, prosesse of objekte. Mense skep hierdie realiteite om sin te maak van gebeure, asook van die herorganisering van konstrunkte as standpunte, persepsies en geloofsteme. Volgens McMillan en Schumacher (2001:396) rig mense se persepsies hulle aksies, denke en gevoelens.

In die onderhawige studie word daar klem op die deelnemer se lewensverhaal gelê asook op die betekenis wat hy aan gebeure in sy lewe heg. Gesprekvoering en observasie word onder meer ingeskakel om hierdie kwalitatiewe inligting van die deelnemer te kry.

Die beperkte kwantitatiewe aspek van hierdie studie word verteenwoordig deur psigometriese toetse wat ingeskakel word. Die deelnemer se aanvanklike resultate van die verskeie psigometriese toetse wat ingeskakel is, word vergelyk met sy resultate van dieselfde toetse wat twaalf maande later uitgevoer is. Die psigometriese toetse bestaan uit die *Differensiële Aanlegtoetse* (Owen, 2000), die *Myers-Briggs Type Indicator* (Van Rooyen, De Beer & Proctor, 2001) en die *Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys* (Hall, Halstead & Taylor, 1986).

3.3 NAVORSINGSONTWERP

Volgens McMillan en Schumacher (2001:31) dui die navorsingsontwerp op hoe die navorsing beplan word, wat met die deelnemers gebeur, sowel as die spesifieke metodes van data-insameling wat gebruik word.

Mouton (1996:175) beskryf die doel van 'n navorsingsontwerp soos volg: To plan, structure and execute the relevant project in such a way that the validity of the findings is maximized.

3.3.1 Idiografiese/gevalstudie⁴ as navorsingsontwerp

Vir die doel van hierdie studie word gebruik gemaak van 'n longitudinale, interpretiewe gevalstudie as navorsingsontwerp. *Time-series research* is een tipe longitudinale studie wat telkens dieselfde inligting van een persoon oor 'n sekere tydperk versamel. Op hierdie manier kan die navorser stabiliteit of verandering noteer (Neuman, 1997:28).

Die doel van idiografiese/gevalstudie word onder andere soos volg beskryf:

Gevalstudies as idiografiese navorsingsmetodes bestudeer persone as individue en nie as lede van 'n bevolking nie. Die idiografiese fokus op die individu en sy/haar bepaalde gedrag. Gevalstudies is beskrywend van aard en verskaf duidelike longitudinale inligting oor individue of situasies. Hierdie navorsingsontwerp het meer kontekstuele belang omdat dit fokus op dit wat onderskeidend en uniek in 'n situasie is (Cohen, Manion & Morrison, 2000:7; Mouton & Marais, 1990:49; Terre Blanche & Durrheim, 2002:255).

'n Gevalstudie kan beskryf word as die indiepte-ondersoek van die besondere eienskappe van 'n program, gebeurtenis, aktiwiteit, individu en of groep(e) wat oor 'n tydperk versamel

⁴ Ter wille van bondigheid word na idiografiese/gevalstudie verwys as gevalstudie.

word. Persone word by 'n gevalstudie betrek op grond van unieke kenmerke wat getoon word of 'n sekere verskynsel illustreer (McMillan & Schumacher, 2001:36; Neuman, 1997:29). Vir die doeleindes van hierdie studie sal slegs een individu betrek word.

Bromley (1986:2) definieer "gevalstudie" soos volg: *The case study method is a basic form of scientific inquiry that underpins effective professional practice especially in relation to human problems.* Die onderhawige gevalstudie bevestig hierdie standpunt, ook die stelling dat 'n ontleding van die individuele geval, met behulp van kwalitatiewe en kwantitatiewe tegnieke, onder meer meehelp tot die daarstel van die sogenaamde gevallewet.

3.3.2 Steekproefneming

Die populasie van 'n navorsingsprojek bestaan uit 'n groep elemente of gevalle, bestaande uit individue, objekte of gebeurtenisse wat oor spesifieke eienskappe beskik en waarvan 'n steekproef getrek word (McMillan & Schumacher, 2001:169).

Die navorsingsdeelnemer is gekies vanuit 'n groep voorgraadse studente en 'n nie-waarskynlikheidsteekproef is gebruik. Met 'n nie-waarskynlikheidsteekproef kan die navorser deelnemers wat maklik toeganklik is, en/of wat oor sekere eienskappe beskik nader (McMillan & Schumacher, 2001:174).

Vir die doel van hierdie studie word daar ook gebruik gemaak van doelsteekproefneming. Die deelnemer is geselekteer op grond van sy puik akademiese prestasie in matriek, ten spyte van sy ernstig benadeelde milieu uit 'n groep voorgraadse studente van 'n tersiêre instansie.

Met doelsteekproefneming selekteer die navorser 'n element van die populasie wat verteenwoordigend is of 'n element wat genoegsame inligting ten opsigte van die navorsingsonderwerp verleen. Op grond van die navorser se kennis van die betrokke

populasie, besluit die navorser wie die waardevolste inligting behoort te verskaf ten einde die doel van die navorsing na te streef (McMillan & Schumacher, 2001:401).

3.4 DATA-INSAMELING

3.4.1 Multimetode data-insamelingsplan

McMillan en Schumacher (2001:428) meld dat multimetode die inskakeling van veelvuldige strategieë insluit ten einde data in te samel en te verhelder. Die navorser het in die onderhawige studie 'n multimetode data-insamelingsplan gebruik wat soos volg uitgelig word:

3.4.1.1 Kwantitatiewe tegnieke

Ek beplan om kwantitatiewe data deur middel van psigometriese toetse in te samel. Die drie tipes psigometriese toetse wat toegepas word, sluit aanlegtoetse, 'n persoonstipevraelys asook 'n belangstellingsvraelys in. Met die *Differensiële Aanlegtoetse* (Owen, 2000) word beoog om sterk punte in die deelnemer se vermoëns te identifiseer. Die persoonstipevraelys, die *Myers-Briggs Type Indicator* (Van Rooyen *et al.*, 2001) poog om die deelnemer se persoonstipe te verhelder. Die *Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys* (Hall *et al.*, 1986) kan moontlike beroepe waarin die deelnemer geïnteresseerd is, uitlig.

3.4.1.2 Kwalitatiewe tegnieke

Ek beplan om kwalitatiewe data in te samel deur indiepte een-tot-een onderhoude met die deelnemer te voer en om hom waar te neem ten einde 'n volledige beeld van die persoon-in-totaliteit te vorm.

Vervolgens word die multimetode data-insamelingsplan getabuleer.

Tabel 2: Multimetode data-insamelingsplan

Verloop van gebeure	Bepaalde aktiwiteite en tegnieke
Eerste	Een-tot-een onderhoud en narratiewe beroepsfasilitering
Tweede	Psigometriese toetse (voortoets) – <i>Differensiële Aanlegtoetse</i> (Owen, 2000); <i>Myers-Briggs Type Indicator</i> (Van Rooyen <i>et al.</i> , 2001) en die <i>Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys</i> (Hall <i>et al.</i> , 1986).
Derde	Narratiewe beroepsfasilitering
Vierde	Psigometriese toetse (natoets) – <i>Differensiële Aanlegtoetse</i> (Owen, 2000); <i>Myers-Briggs Type Indicator</i> (Van Rooyen <i>et al.</i> , 2001) en die <i>Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys</i> (Hall <i>et al.</i> , 1986).

3.4.2 Data-insamelingstrategieë

Die volgende data-insamelingstrategieë is in die onderhawige studie ingeskakel:

- Opvoedkundig-sielkundige assesserings
 Dit behels die gebruik van beide gestandaardiseerde en informele/postmoderne media. Assesserings is deurlopend gedoen ten einde die studie te rig en voortdurend tot nuwe insigte te kom met betrekking tot die uitkoms en bevindinge van die nagevorsde intervensietegniek (narratiewe beroepsfasilitering). Media wat tydens die assessering gebruik is, word breedvoerig in Hoofstuk 4 bespreek.
- Gesprekvoering
 Informele, sowel as gerigte gesprekvoering is voor en tydens die navorsingsproses benut om verhoudingstigting met die deelnemer te bewerkstellig, te behou en deurlopend inligting in te win.
- Observasie van die deelnemer en die situasie
 Ek het gedurende die navorsingsproses aan die deelnemer se nie-verbale kommunikasie noukeurig aandag geskenk.

- Intervensie in die vorm van narratiewe beroepsfasilitering
Terapeutiese sessies het op 'n weeklikse basis plaasgevind. Sessies het gevarieer van ongeveer een tot twee ure. Aangesien die navorsing deel uitmaak van 'n dinamiese proses, is inligting deurentyd ingesamel en geverifieer. Hierdie benadering ondersteun die kwalitatiewe, interpretevistiese aard van die navorsing.
- Longitudinale assessering
Longitudinale assessering van psigometriese toetse is oor 'n tydperk van twaalf maande uitgevoer. Die doel hiervan was om enige verandering in die deelnemer te noteer.
- Veldnotas
Gedurende die navorsingsproses is veldnotas gemaak van gesprekke, observasies, assesseringsgeleenthede en alle intervensiesessies. Dit het meegehelp om inligting volledig te kon dokumenteer ten einde temas en patrone in data-analise te peil.
- Reflektiewe dagboek
Die doel met die reflektiewe dagboek was om die vordering en verloop van die studie te monitor. Die reflektiewe dagboek het die navorser in staat gestel om haar gedagtes te rig asook om die kredietwaardigheid van die studie te verhoog deur die vraag te vra: “Hoe kan ek verkeerd wees?”

3.4.3 Rol van die navorser

Volgens McMillan en Schumacher (2001:435) het die navorser gedurende die navorsingsproses verskeie rolle om te vertolk:

- Vir die doel van hierdie studie het ek grootliks die rol van “fasiliteerder” bekleed. As intern opvoedkundige sielkundige was ek verantwoordelik vir die assessering en herassessering van die deelnemer, sowel as die fasilitering van die narratiewe benadering in die beroepsfasiliteringsproses.
- Tydens die onderhawige studie het ek die rol van “vertroueling” ingeneem en gepoog om die deelnemer se ervarings te verstaan. Ek het deurgaans die

interpretasie van die data met die deelnemer uitgeklaar sodat misverstande uit die weg geruim kon word.

- Die ontleding, analisering en interpretering van data (interpretevisiese navorsing) is deur my gedoen.
- Ek het te alle tye seker gemaak dat die fasiliteite en lokale wat gedurende die studie gebruik is, in 'n bevredigende toestand was. Ek het gepoog om 'n gemaklike, warm atmosfeer te skep waarin onderbrekings tot die minimum beperk is.
- Ek het die doel van die studie aan die deelnemer verduidelik en toestemming van hom ontvang om onderhoude tydens die terapeutiese proses op band vas te lê en vir ontledingsdoeleindes te transkribeer (etiese doeleindes).
- Ek het voortdurend gepoog om my rolle as navorser en fasiliteerder met oorleg en versigtigheid te vervul. Ek het te alle tye aan die etiese standaarde voldoen soos uiteengesit in die etiese kode van die Health Professions Council of South Africa (HPCSA) (etiese doeleindes).

3.4.4 Navorsingsgesitueerdheid

Vir doeleindes van die studie is die navorsing onderneem op 'n universiteitskampus waar die deelnemer studeer. Toestemming is van die Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde versoek om die navorsing uit te voer. Raadpleeg Bylae A vir die toestemmingsversoek wat aan die Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde gerig is, asook die goedkeuring wat verkry is. Raadpleeg Bylae B vir toestemming deur die deelnemer.

3.5 DATA-ANALISE EN -INTERPRETASIE

Die analise van die data het gedurende en tydens die data-insamelingsproses plaasgevind. Ek het die data in die onderhawige studie, wat onder andere uit veldnotas, observasies, my reflektiewe dagboek en transkripsies bestaan het, geanaliseer en in hanteerbare temas en patrone 'opgebreek'. Die doel van data-analise is om verbande tussen konsepte te begryp, om patrone in die data te

identifiseer en om vas te stel of temas uit die data spruit ten einde bevindinge van die data-analise te interpreteer (Mouton, 2001:108-109).

Die data-analisestrategie wat ek voorstel, is gebaseer op Marshall en Rossman se benadering (1989:112-120). Marshall en Rossman se benadering stel die volgende stadiums voor (De Vos, 1998:342-343; Marshall & Rossman 1989:112-120; Vaughn, Schumm & Sinagub 1996:105-113).

3.5.1 Organisering van data

Patrone in die deelnemer se response word geïdentifiseer. Cohen *et al.* (2000:149-150) wys daarop dat data-analise in kwalitatiewe navorsing reeds tydens die data-insamelingsproses geskied.

3.5.2 Kategorieë, temas en patrone word geïdentifiseer

Gedurende die data-insamelingsproses is beskrywings en eienskappe geïdentifiseer. Voorsiening is vir die volgende gemaak:

- Data van gestandaardiseerde media en individuele onderhoude.
- Data van gestandaardiseerde media wat vergelyk word oor 'n tydperk van twaalf maande.

3.5.3 Evaluering en kategorisering van data

Eenhede of patrone wat geïdentifiseer is, is in verskillende kategorieë geplaas. Die kategorieë is gedefinieer in terme van hooftemas wat geïdentifiseer is in die lewensverhaal van die deelnemer en die impak daarvan op sy persoonlike groei en uiteindelijke beroepskeuse.

3.6 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA

Kwalitatiewe navorsing behoort aan die kriteria van kredietwaardigheid, oordraagbaarheid en vertroubaarheid te voldoen.

3.6.1 Kredietwaardigheid

Kredietwaardigheid verwys na die mate waarin bevindinge as eg bestempel kan word. Tydens die navorsingsproses behoort die navorser die kredietwaardigheid van die studie te kontroleer deur die vraag te vra: “Hoe kan ek verkeerd wees?” Ek het in die onderhawige studie triangulasie en kristallasie gebruik om diskrepante data te evalueer en om sodoende die kredietwaardigheid van die studie te bepaal (McMillan & Schumacher, 2001:166; Terre Blanche & Durrheim, 2002:62-63).

3.6.2 Oordraagbaarheid

Die oordraagbaarheid van 'n studie word bereik deur gevalle breedvoerig te beskryf. Hierdie aspek bied die leser 'n in dieptebeskrywing van die betekenis binne die konteks waarin dit ontwikkel (Terre Blanche & Durrheim, 2002:63). Die onderhawige studie is afgestem op breedvoerige en uitgebreide beskrywings van die gevalstudie en ek het nie gepoog om veralgemenings te maak nie.

In die onderhawige studie is moontlike veralgemeningswaarde beperk omdat slegs een persoon by die studie betrek is.

3.6.3 Vertroubaarheid

McMillan en Schumacher (2001:407) stel dit dat vertroubaarheid in kwalitatiewe navorsing na die mate waarin dieselfde betekenis van interpretasies deur beide die navorser en deelnemer gedeel word. Vertroubaarheid spreek die volgende vrae aan: “Observeer die navorser wat sy dink sy observeer? “Hoor die navorser wat sy dink sy hoor?”

McMillan en Schumacher (2001:408) stel sekere strategieë voor om vertroubaarheid in kwalitatiewe navorsing te verhoog. Ten einde die vertroubaarheid van die studie te verhoog, het ek van die volgende raamwerk gebruik gemaak:

Tabel 3: Verhoging van die vertroubaarheid van die studie (aangepas uit McMillan & Schumacher, 2001:408).

Strategieë	Beskrywing van aktiwiteite
Verlengde veldwerk	Data-insameling het geskied oor 'n tydperk van vier fases. Data-analise, triangulasie en kristallasie maak voorsiening daarvoor dat die navorser se bevindinge en die deelnemer se realiteit vergelyk kon word.
Multimetode strategieë	Die studie maak voorsiening vir triangulasie en kristallasie by data-insameling en analise.
Verbatim verslaggewing van response	Onderhoude is verbatim opgeneem en getranskribeer. Engels as medium van kommunikasie is gebruik.
Lae-inferensie verduidelikings	Verduidelikings en situasies is in besonderhede genoteer.
Veelvoudige navorsers	Gedurende die data-insamelingsproses is die beskrywende data wat ingesamel is, met die navorser se toesighouers bespreek.
Meganiese data-insameling	Bandopnemers is gebruik.
Deelnemende navorser	'n Refleksiejoernaal is gebruik om die navorser se persepsies en aannames te noteer en te toets om te verseker dat die deelnemer se response begryp is.
Deelnemeropvolging	Gedurende die navorsingsproses is daar informeel met die deelnemer geskakel ten einde akkurate begrip van response of situasies te noteer.
Deelnemerterugvoering	Uitklaar van misverstande en of konsepte met die deelnemer alvorens die data geïnterpreteer is.

Aangepas uit McMillan & Schumacher (2001:408)

3.6.4 Triangulasie en kristallisering

Lather (1989:270), en McMillan en Schumacher (2000:418) wys daarop dat triangulasie 'n kritieke rol in die versekering van data-betroubaarheid speel. Richardson (in Janesick, 2000:392) stel voor dat die term “kristallasie” (*crystallization*) eerder as triangulasie in kwalitatiewe navorsing gebruik word en sê die volgende in hierdie verband: *Crystallization is a better lens through which to view the components in qualitative research.* Om hierdie rede gebruik ek verskillende kwalitatiewe data-insamelingsmetodes ten einde kristallasie te fasiliteer en die vertroubaarheid van my studie te verhoog.

3.6.4.1 Algemene oriëntering

Hodder (in Lincoln & Guba, 1985:114) stel voor dat navorsers *multiple and conflicting voices, differing and interacting interpretations* verken ten einde triangulasie en kristallasie (*crystallization*) te fasiliteer. Dit is dus vir my belangrik om ook te luister na ander stemme as dié wat bloot met my eie navorsing en navorsingsresultate saamstem. Om hierdie rede gaan ek elemente van sowel die tradisionele as die postmoderne benadering tot beroepsfasilitering in my studie implementeer. Lincoln en Guba (1985) beklemtoon immers dat veelvuldig gekonstrueerde realiteite (*multiple constructed realities*) binne die interpretiewe domein op holistiese wyse bestudeer kan word.

Triangulasie word beskryf as die insameling van data op 'n verskeidenheid maniere van soveel moontlik verskillende bronne. Omdat die data op 'n verskeidenheid maniere ingesamel en vanuit verskillende hoeke bestudeer word, help hierdie tegniek dat die navorser die ware betekenis van die data begryp (Terre Blanche & Durrheim, 2002:128).

Terre Blanche en Durrheim (2002:430-431) identifiseer vier basiese vorme van triangulasie. Data-triangulasie verwys na 'n verskeidenheid bronne van data wat in 'n studie gebruik word. Ondersoekertriangulasie verwys na verskillende navorsers wat

tydens 'n studie betrokke is. Teorietriangulasie verwys na die gebruik van verskeie perspektiewe om 'n enkele stel data te interpreteer. In die onderhawige studie word van metodologiese triangulasie gebruik gemaak.

3.6.4.2 Wyse waarop triangulasie en kristallisering in die onderhawige studie toegepas word

Metodologiese triangulasie verwys na die gebruik van multimetodes om 'n enkele probleem te bestudeer. Die navorser het gebruik gemaak van verskillende data-insamelingstrategieë ten einde triangulasie van data te verseker. Gesprekvoering met die deelnemer, observasies, veldnotas, my reflektiewe dagboek en psigometriese toetse wat deur die deelnemer afgelê is, word vergelyk. Op hierdie manier kon die navorser diskrepante patrone in die data identifiseer en dit met die deelnemer uitklaar ten einde die kredietwaardigheid van die studie te verhoog.

Krefting (1991:68) en Cohen et al. (2002:78) glo dat data op 'n gebalanseerde wyse gerapporteer kan word deur onder meer 'n outentieke benadering te volg en dit wat tot dusver onbekend was, bekend te maak. Nuwe kennis wat uit data voortvloei, behoort dan weer aanleiding te gee tot nuwe navorsingsaksies. Ek poog om my navorsing op outentieke wyse uit te voer deur te fokus op 'n 'nuwe' benadering tot beroepsfasilitering en op 'n navorsingsverskynsel ten opsigte waarvan daar tot dusver weinig navorsing uitgevoer is en waarvoor min tot op hede gerapporteer is.

3.6.5 Interne geldigheid

Merriam (1998:77) stel die volgende ses strategieë voor om interne geldigheid te fasiliteer:

- Kristallisasie (verskillende navorsers, bronne en metodes word gebruik om bevindinge met mekaar te vergelyk). Soos aangedui word etlike persone by my navorsing betrek en verskillende navorsingsparadigmas en -metodes gekombineer.

- Datakontrolering (data en bevindinge word met die deelnemer geverifieer). Die deelnemer vertolk dus 'n aktiewe rol in die navorsing en sy/haar interpretasie van data word as waardevol beskou. Ek laat by uitstek toe dat die deelnemer 'n besonder aktiewe rol tydens die navorsingsproses vertolk.
- Langtermynobservasie (ten einde data oor 'n verlengde periode in te samel). My studie vind oor 'n tydperk van meer as 'n jaar plaas.
- Ewekniegroep-assessering (kollegas en medewerkers se mening word ingewin). Soos aangedui word etlike kollegas, dosente en ander medewerkers by my navorsing betrek.
- Gesamentlike navorsing dui daarop dat deelnemers by die navorsing betrek word. Soos reeds genoem, is die basis waarop hierdie gevalstudie voltrek word, die intensiewe betrokkenheid van die deelnemer.
- Navorsingsvooroordeel word bevestig deurdat die navorser se aannames, sienings, asook teoretiese oriëntering duidelik vooraf erken word. Ek gaan my eie standpunte en sienswyses vooraf duidelik uitstippel.

3.7 OPSOMMING

Hoofstuk 3 het aan die leser 'n oorsig gebied van die onderhawige navorsingsontwerp en navorsingsverloop van hierdie onderhawige studie. Die paradigma waaruit die studie onderneem is, is verduidelik om die leser te begelei in verband met die bepaalde wyses en perspektiewe waaruit die navorsingsontwerp voortspruit. 'n Idiografiese/gevalstudie as navorsingsontwerp is in hierdie studie geïmplementeer.

In Hoofstuk 4 sal die bevindinge weergegee en bespreek word.

HOOFSTUK 4

BEVINDINGE EN BESPREKING: GEVALSTUDIE TER ILLUSTRASIE VAN DIE TOEPASSING VAN NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING OP 'N TRADISIONEEL BENADEELDE BEGAAFDE STUDENT

4.1 INLEIDENDE ORIËNTERING

In hierdie hoofstuk word die toepassing van narratiewe beroepsfasilitering op 'n tradisioneel benadeelde begaafde student bespreek. Die resultate van die psigometriese toetse wat voor en na narratiewe beroepsfasilitering afgeneem is sowel as 'n bespreking van die narratiewe beroepsfasiliteringsessies, verskyn in hierdie hoofstuk.

Vervolgens word 'n beskrywing gebied van die metode wat gebruik is om die data in die onderhawige studie te analiseer.

4.2 METODE VAN DATA-ANALISE

Die data-analise het gedurende en tydens die data-insamelingsproses plaasgevind. Die data in die onderhawige studie, wat onder andere uit veldnotas, observasies (wat in die veldnotas aangeteken is), my reflektiewe dagboek en transkripsies bestaan het, is geanaliseer en in hanteerbare temas en patrone 'opgebreek'.

Die data-analisestrategie in die onderhawige studie is gebaseer op Marshall en Rossman (1989:112-114), McMillan en Schumacher (1997:510-511) en Denzin en Lincoln (2000:780) se benaderings. Die volgende stadiums van data-analise word uitgelig:

4.2.1 Organisering van data

Stap 1: Ek het al die data bestudeer om 'n geheelbeeld te verkry.

Stap 2: Temas vanuit die data is geïdentifiseer en gelys.

Stap 3: Temas is gelys om duplisering te voorkom.

Stap 4: Temas is gekodeer en geëvalueer.

Stap 5: Temas wat herhaaldelik uitgelig is, asook temas wat as die belangrikste beskou kan word, is geïdentifiseer (Marshall & Rossman, 1989:112-114; McMillan & Schumacher, 1997:510-511).

4.2.2 Data-kodering

Stap 1: Ek het eenhede vir analiseringsdoeleindes geselekteer.

Stap 2: Temas vanuit die data is deur my geïdentifiseer.

Stap 3: Ek het 'n kodelys (betekenistabel) saamgestel.

Stap 4: Die groepe data is deur my geanaliseer en gekategoriseer.

Stap 5: 'n Eksterne kodeerder het die geïdentifiseerde temas en kategorieë geverifieer (Denzin & Lincoln, 2000:780; Marshall & Rossman, 1989:112-114).

4.3 AGTERGRONDINLIGTING VAN DIE DEELNEMER

Die deelnemer is 'n 20-jarige Xhosasprekende man wat tans besig is met voorgraadse studies in Opvoedkunde. Hy is die tweede oudste van vyf kinders. Sy oudste broer werk by 'n konstruksimaatskappy en sy jonger broer het die vorige jaar matriek geskryf. Die deelnemer het twee sussies, onderskeidelik drie jaar en een en 'n half jaar oud.

Die deelnemer wou oorspronklik medies of inligtingstegnologie studeer, maar sy matriekpunte het nie aan die minimum keuringsvereistes vir hierdie studierigtings voldoen nie.

Die deelnemer is op grond van sy akademiese prestasie in matriek 'n beurs aangebied om Opvoedkunde te studeer. Volgens die deelnemer was hy aanvanklik skepties om Opvoedkunde as studierigting te volg, maar sy hoofmotivering om te volhard was omdat hy die geleentheid gegun is om verder te studeer en dus 'n tersiêre kwalifikasie kon behaal.

Die deelnemer is vir die onderhawige studie geselekteer uit 'n groep voorgraadse studente van 'n tersiêre instansie op grond van sy puik akademiese prestasie (in matriek), ten spyte van sy ernstig benadeelde milieu.

Die deelnemer het by sy tante aan moederskant, ouer neef en jonger niggie in die Noord-Kaap gewoon en sy skoolloopbaan tot en met graad 9 voltooi, terwyl sy moeder in Johannesburg gewerk het. Die deelnemer se gevoel ten opsigte van sy tante blyk positief te wees: *She was a very loving person whom I regarded as a parent, because she taught me everything that I need for my future life.* Sy tante is drie jaar vantevore oorlede. Die deelnemer het tydens skoolvakansies by sy moeder gaan kuier. In sy graad agt- jaar het hy by sy moeder gaan woon en sy skoolloopbaan in Johannesburg voltooi.

I started my new school, doing well and started to realise my dreams and I felt that one day I should be a medical doctor. Growing up with this dream and doing well in my schoolwork was the urge. The teachers started loving me, because of doing well.

Die deelnemer se graad 12-leerareas, vlakke en simbole is soos volg:

Vak	Vlak	Simbool
Engels	HG	B
Afrikaans	HG	D
Xhosa	HG	D
Wiskunde	SG	A
Biologie	SG	B
Natuur- en Skeikunde	SG	C

Volgens die deelnemer het hy Wiskunde, Biologie en Engels bo Afrikaans, Xhosa en Natuur- en Skeikunde op skool verkies.

I passed my grade 12 with the aim of becoming a doctor, but due to insufficient knowledge and information I did not meet the requirements. I ended up doing education, which I didn't even picture myself doing.

Tans woon die deelnemer in die koshuis op die universiteitskampus. Hy gaan slegs tydens vakansies huis toe om vir sy gesin te gaan kuier.

Vervolgens word die resultate van die psigometriese toetse wat voor die narratiewe beroepsfasiliteringsproses (voortoets) afgeneem is en die resultate van dieselfde toetse wat een jaar later afgeneem is, bespreek.

4.4 RESULTATE VERKRY MET BEHULP VAN DIE PSIGOMETRIESE TOETSE VÓÓR NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING (VOORTOETS)

Die psigometriese toetse wat in die onderhawige studie ingeskakel is (vóór en ná narratiewe beroepsfasilitering) is die *Differensiële Aanlegtoetse* (Owen, 2000); *Myers-Briggs Type Indicator* (Van Rooyen, De Beer & Proctor, 2001) en die *Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys* (Hall, Halstead & Taylor, 1986).

Die onderskeie toetse se resultate voor die narratiewe beroepsfasiliteringsproses word vervolgens bespreek:

4.4.1 Die Differensiële Aanlegtoetse (Owen, 2000)

Vir die doeleindes van die *Differensiële Aanlegtoetse* (SAT-L) word met die RGN-definisie van 'n aanlegtoets volstaan:

Aanleg is die potensiaal waarvoor 'n persoon beskik wat hom in staat stel om 'n bepaalde vlak van vermoë te bereik met 'n gegewe hoeveelheid opleiding en of oefening. Daar word verder die mening gehuldig dat aanleg tesame met

belangstelling, houding, motivering en ander persoonlikheidseienskappe in groot mate die uiteindelijke sukses van die persoon sal bepaal (Owen, 2000:2).

Die SAT-L is gerig op die meting van spesifieke verstandelike vermoëns eerder as algemene intellektuele vermoë (Owen, 2000:2).

Die volgende inligting aangaande die deelnemer se aanleg is deur middel van die SAT-L bekom (voortoets):

		Stanege
Toets 1	Woordeskat	4
Toets 2	Verbale redenering	6
Toets 3	Nie-verbale redenering	4
Toets 4	Berekeninge	3
Toets 5	Leesbegrip	1
Toets 6	Vergelyking	4
Toets 7	Pryskontrolering	3
Toets 8	Ruimtelik 3-D	3
Toets 9	Meganiese insig	3
Toets 10	Geheue	5

Spesifieke vermoëns	Toets	Stanege
Akademies (Algemene leervermoë)	(1;2;3;4;5;10)/6	4,5
Handel / Klerklik (Klerklike vermoë, taalvermoë en rekenkundige vermoë)	(4;5;6;7)/4	2,75
Tegnies (Tegnies: 8+9) (Ingenieurswese of tegniese diploma: 3+4+8+9)	(3;4;8;9)/4	3,25

4.4.2 Die Myers-Briggs Type Indicator (Van Rooyen *et al.*, 2001)

Die *Myers-Briggs Type Indicator* (MBTI) is 'n vraelys wat 'n beskrywing van 'n mens se persoonstipe bied. Terapeute benut die MBTI om mense te help om tot selfinsig te kom en om 'n bewustheid te skep oor hoe die mens sy/haar gedrag met ander mense se gedrag kan vergelyk, of hoe dit van dié van ander verskil. Die MBTI is veral waardevol tydens die beroepsfasiliteringsproses (Van Rooyen *et al.*, 2001:8-9).

Vervolgens word die deelnemer se persoonstipe aan die hand van die MBTI voor narratiewe beroepsfasilitering voorgestel:

Persoonstipes				Deelnemer se voorkeurtelling	Vlak van voorkeurorde ⁵
E (<i>Extraversion</i>)	12	I (<i>Introversion</i>)	14	<i>Introversion</i>	Matig
S (<i>Sensing</i>)	25	N (<i>Intuition</i>)	4	<i>Sensation</i>	Duidelik
T (<i>Thinking</i>)	13	F (<i>Feeling</i>)	6	<i>Thinking</i>	Matig
J (<i>Judging</i>)	23	P (<i>Perceiving</i>)	5	<i>Judging</i>	Duidelik

Volgens die MBTI is die deelnemer se persoonstipe *ISTJ* met die volgende voorkeure: Hy is geduldig, toegewyd en volhardend en sal alles nodig doen om sukses te behaal (lewer sy beste). Hy is op 'n stil manier sterk en behaal sukses deur sy konsentrasie en deeglikheid. Hy word gewoonlik vanweë sy ferm beginsels gerespekteer. Hierdie tipe persoon is pragmaties, pynlik nougeset, betroubaar en geordend en sien toe dat sake deeglik georganiseer word. Hy hou daarvan om verantwoordelikheid te aanvaar, toon gewoonlik empatie met ander en word gerespekteer vir sy duidelike visie oor wyses om gemeenskaplike belange te bevorder. Hy ontwikkel gewoonlik in 'n effektiewe bestuurder.

⁵ Moontlike voorkeurordevlakke: 1. Effens 2. Matig 3. Duidelik 4. Baie duidelik

4.4.3 Die Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys (Hall *et al.*, 1986)

Die doel met die *Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys* (Hall *et al.*, 1986) (RMBV) is om 'n individu se gemete belangstellings, onder meer vir die gebruik van beroepsfasilitering te evalueer. Die profiel is gegrond op 'n belangstellingsvraelys wat voorkeur vir verskillende tipes beroepe meet. Die tradisionele siening van beroepsfasilitering verwys na hoe hoër die gemete belangstelling, hoe groter die waarskynlikheid dat die betrokke beroepsveld bevrediging sal bied (Hall *et al.*, 1986:1).

Die volgende voorkeurberoepe aangaande die kliënt se belangstellings is bekom deur middel van die RMBV:

1. Medies (hoog): Hospitaalwerk of werk met siek mense.
2. Dienslewend (hoog): Werk met mense in ondersteunende of hulpgewende hoedanigheid.
3. Meganies (hoë gemiddeld): Werk met gereedskap, masjintoerusting.
4. Rekenkundig (hoë gemiddeld): Werk met syfers.
5. Musikaal (hoë gemiddeld): Musiek maak of daarna luister.

4.5 RESULTATE VERKRY MET BEHULP VAN DIE PSIGOMETRIESE TOETSE NA AFLOOP VAN NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING (NATOETS)

Die deelnemer se aanvanklike resultate van die verskeie psigometriese toetse word hierna met sy resultate van dieselfde toetse wat twaalf maande later uitgevoer is, vergelyk. Die onderskeie toetse se resultate na afloop van die narratiewe beroepsfasiliteringsproses word vervolgens bespreek:

4.5.1 Die Differensiële Aanlegtoetse (Owen, 2000)

Die deelnemer se aanlegprofiel na afloop van narratiewe beroepsfasilitering (natoets) blyk soos volg:

		Stanege
Toets 1	Woordeskat	6
Toets 2	Verbale redenering	6
Toets 3	Nie-verbale redenering	4
Toets 4	Berekeninge	4
Toets 5	Leesbegrip	5
Toets 6	Vergelyking	5
Toets 7	Pryskontrolering	4
Toets 8	Ruimtelik 3-D	3
Toets 9	Meganiese insig	3
Toets 10	Geheue	5

Spesifieke vermoëns	Toets	Stanege
Akademies (Algemene leervermoë)	(1;2;3;4;5;10)/6	5,0
Handel / Klerklik (Klerklike vermoë, taalvermoë en rekenkundige vermoë)	(4;5;6;7)/4	4,5
Tegnies (Tegnies: 8+9) (Ingenieurswese of tegniese diploma: 3+4+8+9)	(3;4;8;9)/4	3,5

'n Vergelyking van die resultate van die voor- en natoets van die SAT-L word in paragraaf 4.8.1.1 gebied.

4.5.2 Die Myers-Briggs Type Indicator (Van Rooyen *et al.*, 2001)

Persoonstipes				Deelnemer se voorkeurtelling	Vlak van voorkeurorde ⁶
E (<i>Extraversion</i>)	7	I (<i>Introversion</i>)	21	<i>Introversion</i>	Duidelik
S (<i>Sensing</i>)	26	N (<i>Intuition</i>)	5	<i>Sensation</i>	Duidelik
T (<i>Thinking</i>)	6	F (<i>Feeling</i>)	15	<i>Feeling</i>	Matig
J (<i>Judging</i>)	20	P (<i>Perceiving</i>)	6	<i>Judging</i>	Matig na Duidelik

Volgens die MBTI is die deelnemer se persoonstipe *ISFJ* met die volgende voorkeure: Hy is stil, taktvol, empaties/vriendelik en konsensieus. Hy is gewoonlik deeglik, lojaal, bedagsaam, 'n fyn waarnemer, bekommerd oor hoe ander voel, betroubaar en kom sy verpligtinge na. Hy organiseer aktiwiteite gewoonlik baie goed en hou van 'n bepaalde mate van struktuur in sy werksomgewing. Hy verkies dikwels stabiele werksomgewings waar hy persoonlike diens kan lewer en tasbare resultate kan behaal⁷.

4.5.3 Die Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys (Hall *et al.*, 1986)

Die volgende voorkeurberoepe aangaande die kliënt se belangstellings is bekom deur middel van die RMBV:

1. Rekenkundig (hoog): Werk met syfers.
2. Dienslewerend (hoë gemiddeld): Werk met mense in ondersteunende of hulpgewende hoedanigheid.
3. Klerikaal (hoë gemiddeld): Roetinekantoorwerk wat akkuraatheid verg.
4. Oorredend (hoë gemiddeld): Interpersoonlike kontak, bestuur, organisasie, promosies, verkope.

⁶ Moontlike voorkeurordevlakke: 1. Effens

2. Matig

3. Duidelik

4. Baie duidelik

⁷ Kyk: Paragraaf 4.8.1.3

5. Wetenskaplik (hoë gemiddeld): Die ontdekking van nuwe feite, probleemoplossing⁸.

4.6 BESPREKING VAN DIE TRADISIONELE EN NARRATIEWE BEROEPSFASILITERINGSESSIES EN GEÏDENTIFISEERDE TEMAS⁹

Die beroepsfasiliteringsproses het plaasgevind op die universiteitskampus en het uit nege sessies bestaan. Die sessies was nie ewe lank nie aangesien hulle tussen die deelnemer se lesingbywonings ingepas is.

Volgens Rogers (persoonsgesentreerde benadering) geskied potensieël toepaslike beroepsfasilitering wanneer openheid en respek tussen die fasiliteerder en die kliënt ontstaan (Thompson & Rudolph, 2000:143). In die onderhawige studie is tydens al die sessies 'n veilige en gerespekteerde atmosfeer geskep waarbinne die deelnemer sy lewensverhaal kon vertel. Ek het gepoog om te alle tye kliëntgesentreerd te werk te gaan en om die deelnemer se 'realiteit' in ag te neem. Ten einde miskommunikasie te vermy, het ek my interpretasie van die besprekings met die deelnemer geverifieer.

4.6.1 Proses van beroepsfasilitering

Die beroepsfasiliteringsessies het op die volgende dae geskied:

Sessie	Datum
Sessie 1	: 15 April 2004
Sessie 2	: 20 April 2004
Sessie 3	: 29 April 2004
Sessie 4	: 4 Mei 2004
Sessie 5	: 13 Mei 2004
Sessie 6	: 27 Mei 2004
Sessie 7	: 29 Mei 2004

⁸ Kyk: Paragraaf 4.8.1.5

⁹ Kyk: Paragraaf 4.7

Sessie 8 : 28 April 2005

Sessie 9 : 5 Mei 2005

Vervolgens word sessies 1 tot 9 bespreek.

4.6.2 SESSIE 1

4.6.2.1 **Ontmoeting en die afneem van die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI) persoonstipevraelys: Voortoets**

Ek het tydens hierdie sessie aan die deelnemer die navorsingsproses verduidelik, waartydens hy skriftelik toestemming verleen het (Bylae B) om deel te neem aan die navorsingsproses. Die deelnemer het die MBTI-persoonstipevraelys ingevul. 'n Beskrywing van die MBTI verskyn in paragraaf 4.4.2.

4.6.2.2 **Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer**

Die deelnemer was aanvanklik skepties oor die beoogde beroepsfasilitering. Ek het aan hom die beroepsfasiliteringsproses verduidelik waarna hy verlig was.

When I came here I did not understand what I was going to do and I did not know what was required of me. Now I seem to understand what is required of me. What we are doing is career counselling. The sessions of this career counselling will also be published in a thesis, provided my name and particulars being anonymous.

Volgens die MBTI persoonstipevraelys blyk die deelnemer se **persoonstipe ISTJ** (*Introversie, Sensing, Thinking, Judging*) te wees. Die leser word verwys na paragraaf 4.4.2.

4.6.2.3 **Refleksie**

Dit wil voorkom of hy **tyd nodig het om inligting te verwerk voordat hy vrae vra en/of vrae beantwoord**. Nadat ek hom 'n vraag gevra het, sou hy byvoorbeeld vir 'n

wyle stilbly, frons en mettertyd die vraag beantwoord. Dit kan ook wees dat hy tyd nodig gehad het om homself in Engels uit te druk soos hy graag sou wou (sy moedertaal is Xhosa en Engels is sy derde taal). Ek en die deelnemer het tydens die sessie goeie rapport bewerkstellig. Ons het maklik met mekaar tydens die sessie gekommunikeer, oogkontak gemaak en die sessie op 'n positiewe noot beëindig deur die verloop van die beroepsfasiliteringsproses te bespreek.

Na die verduideliking van die beroepsfasiliteringsproses het die deelnemer meer gemaklik oor die beoogde navorsing gevoel. Hy het genoem dat hy meer seker was van die doel van die navorsingsproses en wat sy rol behels het. Hy het verder gesê dat hy dit geniet het om die MBTI in te vul en dat hy gewonder het wat die uitkoms daarvan sou wees.

Ek het aan die deelnemer verduidelik dat slegs indien hy met die resultate van die MBTI sou saamstem, die resultate as 'waar' bestempel kon word. Omdat die toetsresultate nie verabsoluteer word nie en omdat die deelnemer se mening as uiters waardevol bestempel is, was konsepte wat hy as bemagtigend ervaar het, moontlik omdat hy eienaarskap van besluite aangaande sy persoonstipe kon neem.

4.6.3 SESSIE 2

4.6.3.1 Afneem van die Differensiële Aanlegtoetse (SAT-L) en die Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys (RMBV): Voortoets

Die deelnemer het die *Differensiële Aanlegtoetse* (SAT-L) afgelê en die *Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys* (RMBV) tydens hierdie sessie ingevul. In paragraaf 4.4.1 verskyn 'n beskrywing van die toetse en die resultate van die SAT-L; in paragraaf 4.4.3 is 'n beskrywing van die vraelys asook die resultate van die RMBV.

4.6.3.2 Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer

Gedurende die sessie het die deelnemer dikwels die **betekenis van sinne of woorde wat in die vraelyste te voorskyn gekom het, gevra**. Hy het soms lank geneem om **vrae te beantwoord**, veral tydens die aflê van die SAT-L, wat uiteraard die tydbeperking op die subtoetse van die SAT-L negatief kon beïnvloed het.

4.6.3.3 Refleksie

Die deelnemer was tydens die sessie **kalm en het rustig te werk gegaan om die vraelyste in te vul**. Ek het opgemerk dat hy tydens die invul van die vraelyste hard gekonsentreer het en van die vrae probeer sin maak. Alhoewel hy dikwels die betekenis van woorde of sinne gevra het, het hy steeds volhard en die vraelyste ingevul sonder om 'n indikatie te gee dat hy die invulling wou staak. Die deelnemer het bevestig dat hy die sessie as uitputtend ervaar het en was **verlig om te hoor dat die volgende paar sessies nie die invul van formele vraelyste sou behels nie**.

4.6.4 SESSIE 3

4.6.4.1 *Collage*

Tydens sessie drie het die deelnemer 'n *collage* gemaak. Die *collage* tegniek het bestaan uit twee fases. Tydens die eerste fase het die deelnemer gereflekteer oor vrae soos: **Wie is ek? Wat is my rolle en doel? Wat is belangrik vir my in die lewe en waarheen is ek op pad? Het ek ooit gedroom oor iets en het ek al van my ideale bereik?** Tydens die tweede fase het die deelnemer die *collage* geskep.

Volgens Egan (2002:139) kan hierdie sessie as die beginfase (formulering van die probleem) van sy driefasemodel¹⁰ beskryf word. Die beginfase verwys na die deelnemer se huidige *scenario* waar hy bygestaan word om probleemsituasies of

¹⁰ Gesien vanuit 'n postmoderne perspektief is die woord 'model' ontoepaslik in hierdie konteks. Ek maak gebruik van die woord 'model' bloot omdat dit op hierdie manier deur Egan beskryf word.

onderontwikkelde geleentheid te verken (Ali & Graham, 1996:30; Bester, 1999:171; Egan, 2002:139).

Carkhuff se tweefasemodel kan terselfdertyd tydens hierdie sessie geïdentifiseer word. Tydens die volgende vier sessies (*collage*, lewensverhaal, informele werkboek en die lewenslyn) word die 'inwaartse' fase van die tweefasemodel van Carkhuff uitgebeeld. Die 'inwaartse' fase fokus op die deelnemer se huidige selfverkenning (Ali & Graham, 1996:29).

4.6.4.2 Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer

Die deelnemer het tydens die sessie besluit om 'n *collage* te maak wat bestaan het uit dit waarvan hy gehou het, dit wat hy belangrik geag het, met insluiting van sy drome en ideale. Die lesers word verwys na Bylae C.

Tydens die bespreking van die *collage* is die volgende temas uitgelig: *Ek hou van mooi klere en om mooi aan te trek en sal graag eendag dit wil kan bekostig*. Hy het verder gesê: *My kultuur en my tradisie is vir my belangrik, want dit is waar ek vandaan kom*.

4.6.4.3 Refleksie

Tydens die sessie het die deelnemer rustig te werk gegaan om die *collage* te voltooi. Gedurende die sessie het ons gesels oor die prente wat hy gekies het om die *collage* mee te skep.

Soms moes ek vrae herhaal of anders stel sodat die deelnemer die betekenis van die vrae kon begryp. Hy het soms 'n wyle gewag om te antwoord op vrae en het die opmerking gemaak dat hy **eers sy Engelse woorde agtermekaar wou kry alvorens hy die vrae beantwoord het**. Alhoewel hy soms lank geneem het om vrae te beantwoord, het hy wel moeite gedoen en probeer sover hy kon.

Ek het hom gevra in watter mate Engels sy konsentrasie en begrip in die klas beïnvloed het. Hy het gesê dat hy dit dikwels moeilik vind om te begryp wat gesê word, maar dat hy hard probeer om in die klas nie agter te raak nie. Hy het verder genoem dat hy met sy vriende in Engels kommunikeer om sy begrip en sy gesprekvoering te verbeter. Hy het 'n klein Engelse woordeboek aangeskaf wat hy saam met hom dra indien hy 'n woord nie kon verstaan nie.

Iets wat tydens ons bespreking vorendag gekom het en kommerwekkend vir die deelnemer was, **was die feit dat hy nie al die nodige handboeke besit het vir sy studies nie. Hy noem dat dit vir hom baie stresvol was om so te studeer, aangesien hy bang was dat hy nie die jaar se eksamen sou deurkom nie.** Ons het gebreinstorm en alternatiewe bespreek om hierdie aspek aan te spreek. Terwyl hy sonder die nodige handboeke moes klaarkom, sou hy weekliks fotostate gaan maak van dié dele wat in die daaropvolgende week in die klas behandel sou word. Ons het onder meer kopiereg bespreek wat daartoe gelei het dat ons die moontlikheid genoem het dat hy met sy vriende sou probeer reël dat hulle tydskedules opstel en handboeke onder mekaar uitruil, of studiegroepe saamstel waartydens die werk bespreek sou word.

Ek het aan die deelnemer genoem dat indien hy sou volhard om aan te hou probeer soos wat hy destyds gedoen het, behoort hy binne 'n jaar 'n aansienlike verbetering in sy begrip en gesprekvoering (in Engels) te kon toon. Hy het definitief 'n daadwerklike poging aangewend om homself te verbeter en om suksesvol te wees.

4.6.5 SESSIE 4

4.6.5.1 Lewensverhaal (1) en informele media

Met die afsluiting van sessie drie het ek die deelnemer versoek om sy lewensverhaal te skryf, grafies uit te beeld of om enige media of hulpmiddels in te skakel om sy lewensverhaal te vertel. Ek het gevra dat hy tydens die skryf van sy lewensverhaal in gedagte moes hou dat ek meer van hom wou leer ten opsigte van sy belangstellings

(stokperdjiegewys sowel as werksgerigtheid), dit wat hy geglo het hy in goed is was en so meer. Hy het egter sonder om te aarsel besluit om sy lewensverhaal te skryf, omdat hy nie van teken gehou het nie, en omdat hy terselfdertyd sy Engels wou oefen.

Hy het tydens hierdie sessie ook informele vraelyste ingevul wat ons na afloop van die sessie bespreek het. Die vraelyste het uit die volgende bestaan: *The colours you choose* en *Parent, Adult, or Child?* Die eerste informele vraelys het behels dat die deelnemer kleure kon kies waarvan hy die meeste en die minste gehou het. Op grond van sy keuses is 'n beskrywing ten opsigte van sy persoonstipe gebied. Die laaste informele vraelys het vier *scenario's* voorgestel wat elk uit drie response bestaan het. Die deelnemer moes dié respons wat hy moontlik sou kies, vasstel. Die response waaruit hy kon kies was hoe 'n ouer, volwasse persoon of kind in 'n spesifieke situasie of *scenario* sou reageer.

4.6.5.2 Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer

Tydens die bespreking van die lewensverhaal het die deelnemer gefokus op sy persoonlike agtergrond eerder as op sy belangstellings, voorkeure en so meer. Alhoewel die klem van die sessie vanaf die deelnemer se belangstellings en voorkeure na sy persoonlike agtergrond verskuif het, het dit die geleentheid gebied om saam met die deelnemer deur die fases van sy lewe te beweeg. Die bespreking van sy lewensloop het terselfdertyd lig op sy waardes, lewensrolle en besluitnemingspatrone gewerp.

Temas wat herhaaldelik tydens hierdie sessie uitgelig is, is dat hy **positiewe familiebande** gehad het, dat hy 'n **positiewe akademiese selfkonsep** gehad het, dat **roetine vir hom belangrik was** en dat hy graag **ander mense wou help**.

Tydens die invul van die informele vraelyste is die volgende uitgelig: **Hy het 'n behoefte aan 'n rustige omgewing getoon; hy tree meeste van die tyd rationeel en regverdig op; hy wou graag mense help en roetine was vir hom belangrik.**

4.6.5.3 Refleksie

Ek was verbaas om die kwaliteit van die deelnemer se skryfwerk te sien, veral na aanleiding van die vorige sessies waar hy dikwels die betekenis van woorde gevra het of tyd geneem het om homself uit te druk. Sy lewensverhaal het in logiese orde gevolg en hy het ook van 'n goeie woordeskat gebruik gemaak. Ek het vir hom gesê dat ek beïndruk was deur sy skryfwerk. Hy het verbaas gelyk oor my opmerking en genoem dat hy hard probeer. Die leser word verwys na Bylae D.

Hierdie sessie is besonder positief beleef, beide deur die deelnemer en deur myself. Die deelnemer het besonderhede oor sy gesin en agtergrond bekend gemaak en dit het gelyk asof hy nostalgiese oomblikke ervaar het: *Writing and talking about this makes me remember those good times and I realise how much I miss my aunt that raised me.* Die sessie het op 'n positiewe noot geëindig. Die deelnemer moes vir sessie vyf 'n informele werkboek voltooi sodat ons dit tydens daardie sessie kon bespreek.

4.6.6 SESSIE 5

4.6.6.1 Informele werkboek¹¹

Tydens sessie vyf het ons die informele werkboek wat die deelnemer vir die sessie voorberei het, bespreek. Die informele werkboek bestaan uit algemene vrae ten opsigte van leerareas wat hy geniet het op skool, belangstellingsvelde ten aansien van moontlike beroepe wat hy wou volg, die invul van onvoltooide sinne sowel as informele projeksiemedia byvoorbeeld 'drie dierewense' en so meer.

Tydens die volgende drie sessies (informele werkboek, lewenslyn en bates) kan die middelfase (oplossingsfase) van Egan (2002:243) geïdentifiseer word. Tydens die middelfase word gepoog om saam met die deelnemer moontlikhede vir 'n beter toekoms te verken.

¹¹ Die leser word verwys na Bylae E vir uittreksels van die informele werkboek.

4.6.6.2 Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer

Tydens hierdie sessie het ons die informele werkboek bespreek. Ek het die deelnemer aangemoedig om die bespreking te lei en dus op enige plek in die werkboek te begin. Die deelnemer het begin by die afdeling waar hy sy rolmodel geïllustreer het. Daarna het hy die informele projeksiemedia sowel as die onvoltooide sinne bespreek. Hy het afgesluit met die identifisering van gunstelingvakgroepe en leerareas wat hy op skool bestudeer het.

Temas wat in hierdie sessie uitgelig is, is dat **hy graag materiële dinge (byvoorbeeld mooi klere en moderne sonbrille) wou kon bekostig; hy het 'n positiewe toekomspektief getoon; hy was 'n dankbare mens; hy het deursettingsvermoë gehad en was hardwerkend. Hy wou graag ander mense help en met mense werk; hy het druk op homself om te presteer geplaas en was geheg aan sy moederfiguur. Hy wou graag sy sosiale en kommunikasievaardighede verbeter; hy wou suksesbelewings ervaar en 'n bydrae tot die gemeenskap lewer.**

4.6.6.3 Refleksie

Hierdie sessie is ook positief deur ons albei ervaar. Die deelnemer was gretig om vir my van sy rolmodel te vertel. Hy het die volgende genoem:

My class teacher in high school, is my role model. She was the person who looked after me, she saw something in me that I never thought of. She supported me very much in such a way that she even sacrificed her profession when they wanted all Xhosa-speaking learners to leave the school. She stood up against that and perhaps something could have happened to her. Besides that she encouraged us to study very hard and she even organised winter classes during winter school holidays.

Die deelnemer het genoem dat hy ook soos sy rolmodel ander mense wou help en **dat hy** probeer het om ander te help waar hy kon. Hy het genoem dat hy soms gespanne raak, maar was nie seker hoe om dit te hanteer nie. Ons het daarvoor gesels

en ek het vir hom onder meer 'n paar ontspanningsoefeninge gegee om te doen indien hy sou meen dat hy baie gespanne was. Ons het ook daarvoor gesels dat hy baie druk op homself plaas om te presteer en oor hoe dit hom beïnvloed het. Na afloop van die gesprek het hy genoem dat hy die ontspanningsoefeninge gaan probeer en dat hy geweet het hy net sy beste kon doen.

Hy beskryf die sessie as volg:

I enjoyed this meeting because it made me to be able to picture myself at different angles. For instance, there was a question that said if I was a flower what kind of a flower would I be.

4.6.7 SESSIE 6

4.6.7.1 Lewenslyn¹²

Die lewenslyn is 'n tegniek wat Cochran (1997:74) op die volgende manier gebruik: Trek 'n lyn deur die middelpunt van 'n blanko A3-grootte vel papier. Heel links op die papier word die woord 'geboorte' neergeskryf. Heel regs word die woord 'hede' geskryf. Die tweede deel van die lewenslyntegniek behels dat daar op 'n aparte vel papier aan die linkerkant 'hede' geskryf word en aan die regterkant 'afsterwe'.

Die deelnemer moes mylpale (belangrike ervarings of betekenisvolle gebeure) herroep en dit kronologies neerskryf. Positiewe ervarings is veronderstel om bo die middellyn neergeskryf te word en negatiewe ervarings is veronderstel om onder die middellyn te voorskyn te kom. Hoe positiewer die ervaring, hoe hoër moes dit geplaas word bo die middellyn en hoe negatiewer die ervaring, hoe laer moes dit onder die middellyn geplaas word. Sodra die lewenslyn voltooi was moes die punte verbind word om 'n grafiese voorstelling van die vloei van die deelnemer se lewe voor te stel (Cochran, 1997:74).

¹² Die leser word verwys na Bylae F.

Die 'inwaartse' en 'uitwaartse' fase van Carkhuff se tweefasemodel kan tydens hierdie sessie en die volgende sessie geïdentifiseer word (lewenslyn en bates). Die 'inwaartse' fase fokus op die deelnemer se huidige selfverkenning en die 'uitwaartse' fase fokus op die deelnemer se toekomspektief (Ali & Graham, 1996:29).

4.6.7.2 Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer

Alhoewel die lewenslyntegniek van Cochran (1997:74) tydens die sessie deur die deelnemer voltooi moes word, was dit vanweë 'n tydsbeperking nie moontlik nie. Die deelnemer het die lewenslyn vir die sessie voorberei en ons het dit tydens die sessie bespreek. Vanuit die lewenslyn kon afgelei word dat die deelnemer hoofsaaklik gefokus het op ervaringe met betrekking tot sy studies. Temas wat herhaaldelik in hierdie sessie geïdentifiseer is, sluit die volgende in: **'n positiewe akademiese selfkonsep en 'n positiewe toekomspektief; gevoelens van akademiese suksesbeleving en drukplasing op homself ten einde te presteer.**

4.6.7.3 Refleksie

Alhoewel hierdie sessie positief ervaar is, het die deelnemer kommer uitgespreek oor hoeveel sessies nog oor was. Hy het genoem dat die eksamen voorlê en dat hy graag tye tussen formele klasperiodes wou gebruik om vir die eksamen voor te berei. Ons het gesels oor die ontspanningsoefeninge wat tydens die vorige sessie bespreek is en hy het genoem dat hy dit probeer het en dat dit in 'n mate gehelp het. Ons het gekyk na sy eksamenrooster en 'n tydskedule uitgewerk sodat hy beter voorbereid kon wees. Hy wou graag 'n gemiddeld van 60 % vir elke vak kry. Ons het sy jaarpunte in gedagte gehou en gekyk of dit realistiese doelwitte was en gesels oor realistiese mikpunte.

4.6.8 SESSIE 7

4.6.8.1 Bates en sterk punte, vroeë herinneringe en lewensverhaal (2)¹³

Die doel van hierdie sessie was dat die deelnemer sy bates (sterk punte) moes identifiseer en vroeë herinneringe wat hy betekenisvol ervaar het, herroep. Die deelnemer het 'n tweede lewensverhaal tydens die sessie geskryf met die fokus onder meer op sy belangstellings en waardes, eerder as op sy persoonlike agtergrond.

Vroeë herinneringe word deur Cochran (1997:78) beskryf as: *Op sy beste sal een of meer vroeë herinneringe 'n model kan bied vir die beplanning van 'n mens se lewe en loopbaan. Dalk bied hierdie vroeë herinneringe fragmente van die groter verhaal wat nog saamgestel moet word.* (Vertaal vanuit Engels).

4.6.8.2 Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer

Die deelnemer moes met verwysing na vorige ervarings en gebeurtenisse gaan besin oor hoe hy die betrokke situasies gehanteer het. Hy moes besin oor hoe sy optrede die situasies beïnvloed het en watter eienskappe hy openbaar het wat die gebeurtenisse moontlik suksesvol laat afloop het. Die deelnemer moes op grond van die voorgenoemde situasies persoonlike bates of sterk punte van homself identifiseer.

Hy het aanvanklik 'n rukkie geneem om sy eie bates en sterk punte te identifiseer. Dit het voorgekom of hy skaam was om die bates en sterk punte te identifiseer en te verbaliseer. Na voldoende aanmoediging deur my het hy die volgende bates genoem:

I think I have communication skills that I do not use properly. Sometimes I find myself in a situation whereby I have ideas that I have to explain to a person, but due to my insufficient communication skills, I find it difficult to properly explain that and to reason behind it *en* I have thinking and problem solving skills when coming to mathematics.

¹³ Die leser word verwys na Bylae G.

Alhoewel dit die enigste bates is wat die deelnemer geïdentifiseer het, het ons saam ander bates geëksploreer. Een van die bates wat ons saam geïdentifiseer het, is dat hy onder meer oor goeie kommunikasievaardighede, veral teenoor die teenoorgestelde geslag, beskik het. Ons het uitgelig hoe 'n besonder belangrike bate dit was, aangesien hy waarskynlik eendag met leerders te doen gaan kry wat moontlik nie vaderfigure in hul lewens het nie. Op hierdie manier kan hy 'n voorbeeld stel vir die leerders en 'n klankbord vir hulle wees om na te luister.

Ander bates en sterk punte wat ons geïdentifiseer het, was sy geduld en kalm ingesteldheid om konsepte aan ander te verduidelik totdat hulle dit verstaan het. Ons het gesels oor die positiewe invloed wat hy op leerders kon uitoefen wat dit moeilik vind om veral wiskundige konsepte onder die knie te kry.

Ek het die deelnemer aangemoedig om sy lewensverhaal in sy moedertaal (Xhosa) te skryf. Hy het egter een paragraaf in Xhosa geskryf en die res van die lewensverhaal in Engels voltooi. Volgens die deelnemer het hy dit moeiliker gevind om homself in Xhosa as in Engels uit te druk. Temas wat herhaaldelik in die lewensverhaal uitgelig is, was **'n positiewe toekomspektief; 'n positiewe akademiese selfkonsep; positiewe familiebande en hy wou graag met mense werk.**

4.6.8.3 Refleksie

Dit was besonders om te sien hoe hy ophelder toe ons meer bates identifiseer as wat hy aanvanklik genoem het. Hy het onder meer genoem: *I did not realise that this is what I can refer to as assets in my life and that I can utilise them more effectively.*

Hy was verlig dat ons vir eers aan die einde van die beroepsfasiliteringsproses gekom het aangesien die eksamen voorgelê het.

4.6.9 SESSIE 8

4.6.9.1 Afneem van die Differentiële Aanlegtoetse (SAT-L), Myers-Briggs Type Indicator (MBTI) persoonstipevraelys en die Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys (RMBV): Natoets

Tydens hierdie sessie is dieselfde toetse as wat in die voortoets ingeskakel is (voor narratiewe beroepsfasilitering), weer na die narratiewe beroepsfasiliteringsessies afgeneem. Die toetse is oor 'n tydperk van een jaar uit mekaar afgeneem.

4.6.9.2 Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer

Die leser word na 4.8.1 verwys vir 'n bespreking van die vergelyking van die resultate van die voor- en natoets en na 4.7 vir 'n opsomming van geïdentifiseerde kategorieë en temas.

4.6.9.3 Refleksie

Alhoewel die sessie goed afgeëls het en die natoets 11 maande ná die narratiewe beroepsfasiliteringsessies plaasgevind het, is die energie en opgewondenheid wat tydens die narratiewe beroepsfasiliteringsessies beleef is, nie in dieselfde mate deur my tydens hierdie sessie ervaar nie. Die deelnemer het ook genoem dat hy amper vergeet het hoe uitputtend die invul van die vraelys was. Hy het wel genoem dat die invul van die vraelys tydens die natoets vir hom makliker was as tydens die voortoets, omdat hy toe Engels beter verstaan het.

4.6.10 SESSIE 9

4.6.10.1 Bespreking van die sessies en beroepsmoontlikhede¹⁴

Tydens die laaste sessie het ons die beroepsfasiliteringsproses as 'n geheel bespreek ten opsigte van die deelnemer se persoonlike groei en ons het gekyk na moontlike toekomsplanne. Sessie 9 kan gekenmerk word as die eindfase van Egan se driefasemodel. Tydens hierdie fase is bepaalde beroepsmoontlikhede saam met die deelnemer verken (Egan, 2002:311).

Temas voortspruitend uit hierdie sessie was dat die deelnemer **gemotiveerd was om steeds sy beste te probeer lewer** nadat hy die resultate van die natoets van die *Differensiële Aanlegtoetse* gesien het. Hy het genoem dat dit vir hom wonderlik was om te sien hoe hy verbeter het en dat hy weet dit was omdat hy hard gewerk het om sy Engels te verbeter. Hy het verder genoem dat hy deur die narratiewe beroepsfasiliteringsproses meer van homself geleer het, veral waarom hy soms optree soos wat hy doen (met verwysing na die *Myers-Briggs Type Indicator*).

4.6.10.2 Verloop van die sessie en bespreking van beroepsmoontlikhede

Tydens hierdie sessie is al die media wat ingeskakel is, bespreek. Die leser word na 4.8 verwys vir 'n bespreking van die resultate en die deelnemer se mening ten opsigte van die resultate.

Aangesien die deelnemer sy huidige studierigting in Opvoedkunde as bevredigend ervaar, het ons die volgende moontlike toekomsplanne geïdentifiseer:

Sodra hy klaar gestudeer het, wil hy graag vir graad agt- en nege-leerders in Wiskunde onderrig gee terwyl hy sy nagraadse studies voltooi. Volgens die deelnemer wil hy nie vir altyd 'n posvlak een-fasiliteerder wees nie, maar streef na 'n aanstelling as

¹⁴ Die leser word verwys na Bylae H vir 'n transkripsie van sessie 9.

departementshoof. Hy noem dat hy aansoek wil doen om 'n pos by die universiteit as deeltydse lektor.

Aangesien hy daarvan hou om met mense te werk en geduld het om werk aan ander te verduidelik, kan hy moontlik 'n *Adult Basic Education Trainer* (ABET) fasiliteerder word.

Die deelnemer se belangstellings is, onder meer, om met rekenaars te werk (hy wou aanvanklik inligtingstegnologie studeer het). Hy kan moontlik basiese en meer gevorderde rekenaarvaardighede aan mense leer en sodoende moontlik sy eie besigheid begin. Die deelnemer noem dat hy vertrouwd is met die volgende *Microsoft* rekenaarprogramme: *MS Word, Excel en Powerpoint*.

4.7 KATEGORISERING EN OPSOMMING VAN GEÏDENTIFISEERDE TEMAS

Tabel 4: Betekenistabel van die deelnemer met kategorieë en temas wat tydens die beroepsfasiliteringsproses geïdentifiseer is.

BETEKENISTABEL							
KATEGORIE 1: STRESHANTERING							
VOORTOETS	MBTI	DAT		RMBV	Gesprek	Observeer	
Aanpasbaar					*	*	
Roetine is belangrik	*						
NATOETS	MBTI	DAT		RMBV	Gesprek	Observeer	
Aanpasbaar					*	*	
NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING	Collage	Werkboek	Lewens- storie (1)	Observeer / Gesprek	Lewens- lyn	Bates/ Vroeë herinne- ringe	Lewens- storie (2)
Aanpasbaar	*			*			
Roetine is belangrik			****	*			
Raak gespanne - roetine verbreek			*				
Behoeft aan rustige omgewing			*				
KATEGORIE 2: TAALVERMOË							
VOORTOETS	MBTI	DAT		RMBV	Gesprek	Observeer	
Neem tyd om te reageer op vrae	*	*		*	*	*	
Moet instruksies herhaal – verstaan nie konsepte nie	*	*		*	*	*	
Vra dikwels betekenis van woorde	*	*			*	*	
NATOETS	MBTI	DAT		RMBV	Gesprek	Observeer	
Bevestiging van die deelnemer: Het tydens die voortoets nie alle vrae verstaan nie					*		
Taalaspek het verbeter na een jaar	*	*		*	*	*	
Neem tyd om te reageer op vrae					*	*	
NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING	Collage	Werkboek	Lewens- storie (1)	Observeer / Gesprek	Lewens- lyn	Bates/ Vroeë herinne- ringe	Lewens- storie (2)
Neem tyd om te reageer op vrae	*	*		*	*	*	*
Moet instruksies herhaal – verstaan nie konsepte nie	*	*					
Vra dikwels betekenis van woorde	*	*	*	*	*	*	*

KATEGORIE 3: ALGEMENE OPTREDE

VOORTOETS	MBTI		DAT	RMBV	Gesprek	Observeer	
Kom kalm voor	*		*	*	*		*
Goeie maniere	*		*		*		*
Stiptelik – daag op vir sessies	*						*
NATOETS	MBTI		DAT	RMBV	Gesprek	Observeer	
Kom kalm voor	*				*		*
Goeie maniere	*		*	*	*		*
Stiptelik – daag op vir sessies	*				*		*
NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING	Collage	Werkboek	Lewenstorie (1)	Observeer / Gesprek	Lewenslyn	Bates/Vroeë herinneringe	Lewenstorie (2)
Kom kalm voor	*	*	*	*	*	*	*
Goeie maniere	*	**	*	**	*	*	*
Stiptelik – daag op vir sessies	*	*	*	*	*	*	*
Dankbare mens		***	**	*	*		
Floreer op positiewe terugvoer		*	**	*	*		
Tree rasideel en regverdig op		*	*		*		
Hou van 'n balans tussen mense en rekenaars (werksomgewing)		*		*			
Reflekteer graag		**					
Tree soms emosioneel op		*			*		

KATEGORIE 4: INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGE

VOORTOETS	MBTI		DAT	RMBV	Gesprek	Observeer	
Word deur ander gerespekteer	*						
NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING	Collage	Werkboek	Lewenstorie (1)	Observeer / Gesprek	Lewenslyn	Bates/Vroeë herinneringe	Lewenstorie (2)
Word deur ander gerespekteer		*		*	*		
Gevoel van aanvaarding – gesin			*				
Positiewe familiebande			***		*	*	
Positiewe rolmodelle		*	*		*		
Wil met mense werk		***		*			*
Geheg aan moederfiguur		****	*	*			
Meen hy wil werk aan sy sosiale en kommunikasievaardighede	*	***	*	*	*	*	

KATEGORIE 5: WAARDES

VOORTOETS	MBTI		DAT		RMBV	Gesprek	Observeer
Geduldig, toegewyd en volhardend	*					*	*
Wil graag sy beste lewer	*						
Wil ander help	*				*	*	
NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING	Collage	Werkboek	Lewenstorie (1)	Observeer / Gesprek	Lewenslyn	Bates/Vroeë herinneringe	Lewenstorie (2)
Geduldig, toegewyd en volhardend	*	*	*	*	**		*
Wil graag sy beste lewer		*	*	*	***	*	*
Wil ander help		***	***				
Ag statussimbole hoog	*			*			
Wil graag materiële dinge kan bekostig	*	***		*			*
Sy kultuur is belangrik	*	*	*	*	*		
Aanvaar gesag			*				
Positiewe toekomspektief	*	***	**	*	***		**
Deursettingsvermoë	*	**	*	*	*		
Hardwerkend		**	*		*		
Plig voor plesier		**					
Wil suksesbeleving ervaar		***		*			
Wil bydrae lewer in die gemeenskap		***					

KATEGORIE 6: AKADEMIE

NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING	Collage	Werkboek	Lewenstorie (1)	Observeer / Gesprek	Lewenslyn	Bates/Vroeë herinneringe	Lewenstorie (2)
Positiewe akademiese selfkonsep			****	*	**	*	
Gevoel van akademiese suksesbeleving			*	*	***		
Plaas druk op homself om te presteer – fear of failure	*	****	*	***	**		

(Saamgestel deur die navorser)

4.7.1 Oorwegende temas wat in die onderhawige studie geïdentifiseer is

Uit bogenoemde analise blyk dit dat roetine vir die deelnemer belangrik is om behoorlik te kan funksioneer en om voorbereid te wees ten opsigte van take wat hy moet

afhandel. Tydens die voortoets was sy kennis van Engels meer beperk as 'n jaar later tydens die natoets, moontlik omdat hy homself in 'n oorwegend Engelse milieu bevind het. Hy kom kalm voor, toon goeie maniere en blyk 'n dankbare mens te wees wat floreer op positiewe terugvoering. Hy het genoem dat positiewe terugvoering deur onderwysers/esse tydens sy skoolloopbaan hom gemotiveer het om hard te werk en suksesvol te wees.

Vanuit die resultate blyk dit dat hy deur ander gerespekteer word en dat hy graag met mense wil werk. 'n Ander tema blyk te wees dat hy positiewe familiebande het en geheg is aan sy moeder. Hy wil graag werk aan sy sosiale en kommunikasievaardighede omdat hy meen dat hy nie altyd die boodskappe wat hy wil oordra, suksesvol hanteer nie.

Die resultate dui aan dat hy geduldig, toegewyd en volhardend is en graag sy beste wil lewer en ander mense help. Hy toon 'n positiewe toekomspektief en wil graag suksesvol wees in sy beroep en in sy verhouding tot sy familie. Hy het 'n positiewe akademiese selfkonsep en plaas druk op homself om te presteer.

4.8 DIE IMPAK VAN NARRATIEWE BEROEPSFASILITERING OP DIE PERSOONLIKE GROEI VAN DIE DEELNEMER

4.8.1 Vergelyking van die resultate van die voor- en natoets

4.8.1.1 Die Differentiële Aanlegtoetse (Owen, 2000)

Tydens die natoets is bevind dat daar 'n verbetering in die deelnemer se woordeskat was. Aangesien sy sosiale en ekonomiese omgewing vroeër besonder swak was, is ek daarvan oortuig dat dit betekenisvol tot sy aanvanklike swakker prestasie in dié toets bygedra het.

Die deelnemer se leesbegrip het 'n verbetering getoon, wat moontlik aan sy blootstelling aan Engels as onderrigtaal en kommunikasiemedium toegeskryf kan word.

Daar was geen verskil in die deelnemer se verbale en nie-verbale redenasievermoënie.

Die deelnemer se visuele perseptuele spoed en vermoë om gegewens na te slaan, het verbeter en word moontlik daaraan toegeskryf dat hy harder werk. Die deelnemer se ruimtelike visualisering, drie-dimensionele en meganiese insig het egter dieselfde gebly. Moontlike verklarings kan wees dat hy nie in hierdie veld belangstel nie of tans daaraan blootgestel is nie.

4.8.1.2 Terugvoer van die deelnemer ten opsigte van die SAT-L

Dit was vir die deelnemer interessant om die verskil in die toetsresultate te sien. Hy het genoem dat hy nie kon glo hoe baie van die toetse se resultate verbeter het nie en dat die poging wat hy aangewend het om te verbeter in Engels, duidelik waargeneem kon word. Hy het verder beweer dat dit vir hom 'n motivering was omdat hy soveel moeite gedoen het om sy Engels te verbeter deur met vriende in Engels te kommunikeer en om sy woordeboek te gebruik indien hy 'n woord nie verstaan het nie.

4.8.1.3 Die Myers-Briggs Type Indicator (Van Rooyen *et al.*, 2001)

Volgens die resultate van die natoets is bevind dat die deelnemer se persoonstipeprofiel ten opsigte van een aspek verander het. Sy persoonstipeprofiel was tydens die voortoets *ISTJ* en tydens die natoets *ISFJ*. Die *thinking (T)* funksie is met die *feeling (F)* funksie vervang. Moontlike verklarings hiervoor kan onder meer wees dat die deelnemer tydens die aanvanklike toets van die vrae nie verstaan het nie of dat sy voorkeur in sy besluitnemingsfunksie die afgelope jaar stelselmatig verander het in 'n meer gevoelsgeoriënteerde besluitnemingsfunksie.

4.8.1.4 Terugvoer van die deelnemer ten opsigte van die MBTI

Die deelnemer het genoem dat alhoewel hy dit uitputtend gevind het om die vraelyste in te vul, geniet hy dit om te sien wat die vergelykende resultate opgelewer het.

Volgens die deelnemer beskou hy sy persoonstipe as die *ISTJ*-profiel (soos tydens die voortoets). Hy het genoem dat hy wel oor eienskappe van die *feeling (F)* funksie beskik, maar dat sy voorkeur meer neig na die *thinking (T)* funksie.

4.8.1.5 Die Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys (Hall *et al.*, 1986)

Die deelnemer se belangstellingsprofiel aan die hand van die RMBV het vanaf die voor- tot die natoets aansienlik verander. Tydens die voortoets is sy top belangstellingsvelde geïdentifiseer as medies, dienslewerend, meganies, rekenkundig en musikaal. Tydens die natoets is die volgende belangstellingsvelde geïdentifiseer: rekenkundig, dienslewerend, klerikaal, ooredend en wetenskaplik.

Moontlike verklarings vir die aansienlike verandering in belangstelling kan onder meer waarskynlik wees omdat die deelnemer aanvanklik medies wou studeer. Opvoedkunde as studierigting was nie sy eerste keuse nie. Hy het egter sy huidige studierigting (Opvoedkunde), veral na afloop van hul eerste praktiese onderwysopleiding begin geniet. Die deelnemer het Wiskunde vir graad 7-leerders aangebied. Hy het die praktiese onderwys as 'n positiewe ervaring beskou, en wou graag Wiskunde as leerarea aanbied. Dit kan moontlik verklaar waarom 'rekenkundig' bo-aan die belangstellingslys verskyn. Die deelnemer het ook 'n positiewe akademiese selfkonsep ten opsigte van Wiskunde en noem dat die oplossing van wiskundige berekeninge een van sy sterk punte is.

'Dienslewering' is beide kere as die tweede sterkste belangstellingsveld gelys en dit is deur gesprekvoering met die deelnemer en deur ander media bevestig dat hy graag met mense wou werk en ander wou help.

Dit is interessant dat die voortoets 'meganies' in die derde belangstellingsveld geïdentifiseer is, aangesien die deelnemer 'n stanege van 3 tydens die voor- en natoets vir 'meganiese insig' behaal het. Met die voltooiing van die informele werkboek het die deelnemer bevestig dat hy nie van praktiese take gehou het nie. Die moontlikheid bestaan dat die taalaspek tydens die voortoets die resultate kon beïnvloed het.

Daar moet in gedagte gehou word dat belangstellings wel kan verander, en dat die voor- en natoets beide op daardie stadium die deelnemer se belangstellingspatroon voorgestel het. Onder meer is dit ook moontlik dat die deelnemer nie bekend was met sommige van die beroepe wat gelys was nie en dit kon die resultate beïnvloed het.

4.8.1.6 Terugvoer van die deelnemer ten opsigte van die RMBV

Volgens die deelnemer was hierdie vraelys die uitputtendste van almal gewees. Hy het genoem dat hy nie verbaas was dat die 'dienslewering' belangstellingsveld beide kere in die tweede sterkste posisie beland het nie. Hy het verder genoem dat hy meer met die natoets se resultate saamstem, maar dat hy onseker was hoe 'wetenskaplik' in die vyfde posisie beland het omdat dit nie werklik sy belangstelling was nie.

Die moontlikheid bestaan dat die deelnemer van die beroepe wat gelys is, nie verstaan het nie of hy kon moontlik konsentrasie verloor het tydens die invul van die RMBV. Dit verg aandag om al nege groepe van beroepe genommer van een tot twaalf van die RMBV in te vul.

4.8.2 Terugvoer van die deelnemer en 'n terugblik vanuit die navorser se reflektiewe dagboek ten opsigte van die narratiewe beroepsfasiliteringsproses

Vervolgens poog ek om die waarde en die impak van die narratiewe beroepsfasiliteringsproses in die onderhawige studie uit te lig. Ek maak gebruik van my reflektiewe dagboek en terugvoer van die deelnemer om my standpunte te verdedig.

4.8.2.1 Persoonlike berading en beroepsfasilitering is nou verweef

Ek wil graag 'n vergelyking tussen die tradisionele en narratiewe beroepsfasiliteringsessies in die onderhawige studie tref. Tydens die narratiewe beroepsfasiliteringsproses het ek en die deelnemer op 'n gemaklike en informele manier gekommunikeer, wat daartoe gelei het dat die identifisering van struikelblokke in

die deelnemer se lewe en intervensie in die struikelblokke in 'n rustige, gemaklike atmosfeer bespreek is. 'n Voorbeeld van die voorgenoemde is dat hy genoem het dat hy nie weet hoe om stressituasies optimaal te hanteer nie. Ons het gesels oor aspekte wat spanning in sy lewe veroorsaak en bespreek hoe om die stressituasies moontlik beter te hanteer.

In teenstelling met die voorgenoemde is die tradisionele beroepsfasiliteringsessies (afneem van psigometriese toetse) nie in hierdie studie gekenmerk deur dieselfde atmosfeer of kwaliteit van kommunikasie nie. Die invul van die vraelyste deur die deelnemer het die interaksie tussen ons beperk omdat kommunikasie slegs weer vervat is tydens die bespreking van die resultate van die vraelyste (wat volgens die postmoderne benadering gehanteer is).

Belangrike inligting ten opsigte van die deelnemer sou moontlik verlore gewees het en struikelblokke wat hy in sy daaglikse roetine ervaar het, sou moontlik nie gehanteer word indien die postmoderne benadering nie gevolg is nie.

4.8.2.2 Vergelyking van die psigometriese toetsresultate

Die deelnemer het reeds in die tweede sessie genoem dat hy verlig was dat die invul van vraelyste nie die grootste deel van die beroepsfasiliteringsproses sou wees nie. Alhoewel hy nie ten gunste van die aflê van die psigometriese toetse was nie, het die vergelyking van die toetsresultate (vóór en ná narratiewe beroepsfasilitering) waarde tot die narratiewe sessies gevoeg. Ek kon vir die deelnemer wys waar hy verbeter het (veral ten opsigte van die Differentiële Aanlegtoetse), onder meer as gevolg van sy harde werk deur met vriende in Engels te kommunikeer en om eerder in Engels as in Xhosa te skryf. Die deelnemer het die verbetering in toetsresultate (van die Differentiële Aanlegtoetse) as 'n verrykende motivering beskou. Hy verbaliseer dan ook sy gevoelens in hierdie verband soos volg:

I cannot believe the difference in the results and the improvement, it is almost unreal. This makes me realise that I am doing the right thing by working hard and trying to do my best.

Volgens die deelnemer het hy gedink dat die invul van die vraelyste moontlik 'n mors van tyd sou wees, aangesien hy daarvoor gevoel het soos oor die algemene toetse wat hy skryf: *You write the test, get the results but never go back and discuss it properly like we did with these tests.* Hy het genoem dat dit vir hom 'n positiewe ervaring was om die toetsresultate te vergelyk, veral omdat dit vir hom voel of hy tydens die beroepsfasiliteringsproses gegroei het.

Dit was interessant om die inligting wat tydens die narratiewe beroepsfasiliteringsessies bekom is, met die toetsresultate wat die *Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys* en die *Myers-Briggs Type Indicator* opgelewer het, te bevestig. Dit het geblyk dat die inligting wat ek aan die hand van die twee benaderings bekom het, in groot mate ooreengestem het.

Die terugvoer van die toetsresultate (tradisionele benadering) in die onderhawige studie het op 'n postmoderne benadering geskied. Die deelnemer se mening ten opsigte van die toepaslikheid van die toetsresultate is as waardevol bestempel. Ons het byvoorbeeld deeglik deur elke voor- en natoets gewerk sodat die deelnemer sy opinie oor die resultate kon lug en die resultate aanvaar of verwerp.

4.8.2.3 Kliëntgesentreerde benadering

Op grond van hierdie studie stel ek dit dat die persoonsgesentreerde benadering van Rogers (Thompson & Rudolph, 2000:143) kongruent is met postmoderne beroepsfasilitering (of behoort te wees). Ek het te alle tye gepoog om kliëntgesentreerd gedurende die sessies te werk te gaan. Die deelnemer se uniekheid is geaksentueer deurdat ek aan hom die geleentheid gebied het om homself uit te druk, om 'n veilige atmosfeer te skep gedurende die sessies en om sy behoeftes aan te spreek, by uitstek teen die verwysingsraamwerk van die kliëntgesentreerde benadering.

Aanvanklik het ek gedink dat my en die deelnemer se kultuur en geslagsverskille moontlik 'n invloed sou hê op die beroepsfasiliteringsproses, deurdat hy moontlik nie openlik met my sou praat oor sy verlede en ideale nie. Ek is van mening dat indien

ons die tradisionele benadering gevolg het, ek moontlik nie dieselfde kwaliteit inligting sou verkry het as wat ek tydens die postmoderne benadering verkry het nie. Die rede hiervoor is (myns insiens) die volgende: Omdat die postmoderne benadering se fokus meer kliëntgesentreerd is, was dit moontlik vir die deelnemer makliker om met my te kommunikeer en om 'n positiewe verhouding te skep, eerder as om te fokus op die verabsoluttering van toetsresultate soos in die tradisionele benadering.

4.8.2.4 Die narratiewe beroepsfasiliteringsproses as 'n geheel

Alhoewel die beroepsfasiliteringsproses lank geduur het, was dit vir my 'n positiewe ervaring om die deelnemer se 'honger' vir sukses, sy empatie, opregte medemenslikheid en sy nederigheid waar te neem.

'n Aspek van die narratiewe beroepsfasiliteringsproses wat my veral beïndruk het, was dat die assessering en intervensie op geïntegreerde wyse voltrek is, wat die proses dinamies gemaak het. Struikelblokke wat geïdentifiseer is, kon dadelik gehanteer word sonder om eers toetsresultate te analiseer (soos in die tradisionele benadering) en later intervensie toe te pas.

Alhoewel die voorgenoemde 'n positiewe aspek van narratiewe beroepsfasilitering was, was die beroepsfasiliteringsproses terselfdertyd tydrowend. Die sessies het tussen die deelnemer se lesingsbywonings plaasgevind wat beteken het dat die deelnemer vir die sessies moes voorberei (bv. skryf van sy lewensverhaal en so meer). Tydens die sessies het ons dit wat hy voorberei het, bespreek.

Dit het kosbare tyd van die deelnemer geveer om vir die sessies voor te berei en om die sessies mee te maak. Dit was 'n lang proses vir die deelnemer en ek besef hy het baie opofferings gemaak om die sessies by te woon en te voltooi.

Die deelnemer was verlig toe ons die einde van die beroepsfasiliteringsproses genader het. Hy het egter 'n belangrike opmerking gemaak wat sy gevoel ten opsigte van die narratiewe beroepsfasiliteringsproses opsom:

You don't talk to your friends all the time about these things, you try and cope and focus on your studies. Here I got the opportunity to say what I have felt in the past and what is happening in my life now.

4.9 OPSOMMING

Chen (2006:268) skryf oor die rol van kans (*chance*) in mense se lewens:

The chance factor is a key component that forms the context of careering, despite the scarcity of intellectual debate on the role and function of chance in people's vocational aspects. An effort toward this end will hopefully lead to a better understanding of the dynamic and pivotal nature of the chance occurrence.

Die rol van kans (*chance*) in die lewe van die deelnemer wat betrokke was by die onderhawige gevalstudie blyk onder meer daaruit dat hy 'toevallig' betrokke geraak het by 'n projek wat volgens my as 't ware sy lewe in 'n definiërende rigting gestuur het. Alhoewel hy weinig beheer gehad het oor hierdie spesifieke faset van sy beroepsontwikkeling, blyk dit nietemin dat hy sy 'kans' met beide hande aangryp het en derhalwe gestalte gegee het aan die siening van Chen (2006) en andere (Dawis, 2002; Young, Valach, & Collin, 2002) dat *scholars and practitioners do not want to depict life career development as predetermined by fate and completely out of human control*. Inderdaad; hoewel daar bepaalde faktore is waarvoor geen persoon enige beheer uitoefen nie, behoort dit die taak van elke beroepsfasiliteerder te wees om kliënte onder meer te bemagtig (*empower*) om veel eerder hul energie daarop toe te spits om dit te verander waaraan hulle realisties kan verander eerder as om te fikseer op daardie faktore waarvoor hulle geen beheer uitoefen nie – soos wat die deelnemer in die onderhawige 'verhaal' kennelik besig is om te doen.

In Hoofstuk 4 word 'n oorsig van die gevalstudie wat in die onderhawige studie bestudeer is, aangedui. Die agtergrondinligting van die deelnemer is verskaf, asook die redes waarom die deelnemer as navorsingsdeelnemer gekies is. Die resultate wat verkry is deur die psigometriese toetse wat afgeneem is voor en na die narratiewe beroepsfasiliteringsproses, asook die narratiewe beroepsfasiliteringsessies, is in besonderhede bespreek. 'n Opsomming van die kategorieë wat deur die terapisessies geïdentifiseer is, is saamgestel. Die uitkomst van die narratiewe

beroepsfasiliteringproses ten opsigte van die deelnemer se persoonlike groei is ook verskaf.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDENDE ORIËNTERING

Hoofstuk 5 bevat 'n opsomming van Hoofstuk 1 tot 3, en die bevindinge van Hoofstuk 4. Die opsommings en bevindinge maak dit vir die navorser moontlik om tot grondige gevolgtrekkings te kom en relevante verbande te formuleer.

Die navorsingsvrae sal beantwoord en die beperkinge van die studie aangedui word. Hierdie hoofstuk sal afgesluit word deur 'n verwysing na die etiese aspekte met betrekking tot die onderhawige studie.

5.2 BEVINDINGE WAAROP DIE AANBEVELINGS GEGROND IS

Ten einde sinvolle en gemotiveerde aanbevelings te maak, word die verloop van die studie vervolgens kortliks saamgevat.

5.2.1 Hoofstuk 1: Oriëntering, konseptualisering, probleemstelling en metodologiese verantwoordings

In 'n poging om die verskynsel wat bestudeer word, te verstaan, naamlik *Die impak van narratiewe beroepsfasilitering op die persoonlike groei van 'n tradisioneel benadeelde begaafde student*, is sekere aspekte beklemtoon: Die verbandhoudende terme is gekonseptualiseer, die navorsingsprobleem is geformuleer, die verwagte uitkomst en die betekenis van die studie is gestel. Die motivering vir die studie is bespreek en die voorsiene uitdagings wat in die onderhawige studie na vore kon kom, is uitgestippel.

Die algemene probleemstelling van die betrokke studie is soos volg geformuleer: Hoe impakteer narratiewe (postmoderne) beroepsfasilitering potensieël op die persoonlike

groeï van 'n tradisioneel benadeelde begaafde voorgraadse student verbonde aan 'n tersiêre instansie?

5.2.2 Hoofstuk 2: 'n Oorsig van verskeie epistemologiese vertrekpunte wat met narratiewe beroepsfasilitering verband hou

Hoofstuk 2 bevat 'n oorsig van enkele epistemologiese vertrekpunte wat met narratiewe beroepsfasilitering verband hou. Die tradisionele en postmoderne benaderings is bespreek en enkele verskille tussen die voorgenoemde benaderings is uitgelig.

Bepaalde leemtes van gestandaardiseerde toetse in die tradisionele benadering is bespreek. Enkele teorieë en tegnieke wat by postmoderne beroepsfasilitering aansluit, naamlik die persoonsgesentreerde benadering van Rogers, Carkhuff se tweefase model en Egan se probleemoplossingsgebaseerde benaderings is bespreek.

Daar is spesifiek verwys na die moontlike waarde van narratiewe beroepsfasilitering vir tradisioneel benadeelde leerders. Redes vir die keuse van narratiewe beroepsfasilitering in die betrokke studie is verskaf.

5.2.3 Hoofstuk 3: Metodologiese verantwoording

In Hoofstuk 3 is die KWALITATIEWE-kwantitatiewe idiografiese/gevalstudie navorsings-ontwerp, wat tydens die studie gebruik is, bespreek. Die onderskeie navorsings-, data-insamelings- en analisemetodes wat in die studie toegepas is, is ook bespreek. Die bespreking van die navorsingsmetodes in die betrokke studie het gepoog om die kredietwaardigheid en vertroubaarheid van die studie te illustreer.

Daar is vervolgens besluit om vanuit die interpretevistiese paradigma te werk te gaan. Die rede hiervoor is omdat kennis in die interpretevistiese epistemologie deur observasie, interpretasie en onderhoudvoering verhelder word soos tydens die narratiewe beroepsfasiliteringsproses.

5.2.4 Hoofstuk 4: Bevindinge en bespreking: Gevalstudie ter illustrasie van die toepassing van narratiewe beroepsfasilitering op 'n tradisioneel benadeelde begaafde student

In Hoofstuk 4 is 'n gevalstudie gedoen om die impak van narratiewe beroepsfasilitering op 'n tradisioneel benadeelde begaafde student se persoonlike groei te ondersoek deur gebruik te maak van spesifieke metodes van data-analise. Die deelnemer se agtergrondinligting, psigometriese toetsuitslae (*Differensiële Aanlegtoetse*, *Myers-Briggs Type Indicator* en die *Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys*) sowel as die narratiewe beroepsfasiliteringsessies is geanaliseer en temas is geïdentifiseer. Vanuit die temas is etlike kategorieë, naamlik stresshantering, taalvermoë, algemene optrede, interpersoonlike verhoudinge, waardes en akademie geïdentifiseer.

Die impak van narratiewe beroepsfasilitering op die deelnemer se persoonlike groei is in die studie geëvalueer. Die psigometriese toetse (*Differensiële Aanlegtoetse*, *Myers-Briggs Type Indicator* en die *Rothwell-Miller-belangstellingsvraelys*) is vóór sowel as na afloop van die narratiewe beroepsfasiliteringsessies afgeneem. Die natoets in hierdie longitudinale, interpretiewe gevalstudie is een jaar ná die voortoets afgeneem. Die toetsresultate is vergelyk om 'n verandering in die deelnemer se toetsresultate te peil na afloop van die narratiewe beroepsfasiliteringsproses.

5.3 HERBESINNING OOR DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG

Met verwysing na die algemene navorsingsvraag kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

Die gevalstudie wat tydens die navorsing geïmplementeer is, het daarop gedui dat narratiewe beroepsfasilitering wel 'n potensiele impak op die deelnemer se persoonlike groei gehad het. Die dinamiese proses van die narratiewe beroepsfasiliteringsessies het voorsiening gemaak dat intervensie terselfdertyd as die assesseringsproses kon plaasvind. Vanweë die bogenoemde kon struikelblokke wat in die deelnemer se lewe

geïdentifiseer is, dadelik gehanteer word en alternatiewe hanteringstrategieë om sodanige struikelblokke te oorkom, is bespreek.

Die deelnemer het die geleentheid gekry om situasies wat hy in sy lewe beleef het, saam met my te analiseer. Die deelnemer se karaktereienskappe is uitgelig en as bates benut. Sy geïdentifiseerde bates en sterk punte het 'n integreerende deel van die narratiewe beroepsfasiliteringsproses gevorm.

5.4 UITDAGINGS (BEPERKINGE) VAN HIERDIE STUDIE

Na afloop van hierdie studie kan die volgende uitdagings geïdentifiseer word:

- Die moontlikheid vir veralgemening is beperk, omdat die enkele gevalstudie nie verteenwoordigend is van die hele populasie van tradisioneel benadeelde begaafde studente wat narratiewe beroepsfasilitering ontvang het nie.
- Die studie is van beperkte omvang omdat 'n enkele gevalstudie tydens die navorsing gebruik is.
- Die subjektiewe interpretasie van die navorser kan as 'n beperking beskou word, aangesien resultate en inligting wat verkry is, deur ander navorsers verskillend geïnterpreteer kan word.
- Engels is die deelnemer se derde taal. Hy kon moontlik taalkundige uitdagings ervaar het wat die beroepsfasiliteringsproses nadelig kon raak. Terselfdertyd kon ek (vanweë taal as beperkende faktor) moontlik sekere aspekte van kommunikasie verkeerd geïnterpreteer het.
- Weens kulturele en geslagsverskille tussen die deelnemer en my kon die deelnemer moontlik sekere inligting van my weerhou. Die moontlikheid bestaan verder dat ek en die deelnemer (vanweë kulturele faktore) nie-verbale kommunikasie verkeerdelik geïnterpreteer het.

5.5 ETIESE ASPEKTE

